*Die Belangrikheid van*

# GEBED

LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS

*Joernaal*

*DIE BELANGRIKHEID VAN GEBED*

Kopiereg © 2021 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Die Belangrikheid van Gebed* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou.

Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

## BY LOVE GOD GREATLY VIND JY WARE, LEWENSEGTE VROUENS. VROUENS WAT ONVOLMAAK, MAAR TOG VERGEWE IS.

Vrouens wat minder van hulself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat graag vir God deur Sy Woord wil leer ken, want ons weet dat die Waarheid ons verander en vry maak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, deurdrenk in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Welkom vriendin. Ons is so bly dat jy hier is…

# INHOUDSOPGAWE


001 WELKOM
002 HULPBRONNE
003 LOVE GOD GREATLY
004 SOAP STUDIE
007 GETUIENIS
009 INLEIDING
010 LEESPLAN
013 JOU DOELWITTE
014 WEEK 1
039 WEEK 2
064 WEEK 3
089 WEEK 4
114 WEEK 5
139 WEEK 6
164 KEN HIERDIE WAARHEDE

# WELKOM

*Maak gebruik van die volgende hulpbronne terwyl jy die studie volg:*

- Weeklikse Blogs
- Weeklikse Memoriseerverse
- Weeklikse Uitdagings
- Facebook, Twitter, Instagram
- LoveGodGreatly.com
- LoveGodGreatly.com/afrikaans
- Hashtags: #LoveGodGreatly #LoveGodGreatlyAfrikaans

Ons is verheug dat jy by ons aangesluit het vir hierdie Bybelstudie! Eerstens, weet dat daar vir jou gebid is! Dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos wat jy elke dag in Sy Woord delf! Soos jy die dissipline ontwikkel om daagliks in God se Woord te wees, bid ons dat jy Hom meer sal liefkry soos jy tyd spandeer om die Bybel te lees.

Elke dag, voordat jy begin om die aangewese Bybelverse te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om met jou te praat deur Sy Woord. Luister dan. Dit is Sy werk om tot jou te spreek, en jou werk om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Ons word in Spreuke geleer om te soek en ons sal vind: “Soek vir dit soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos ‘n verborge skat. Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken.” (Spreuke 2:4)

Almal van ons hier by *Love God Greatly* kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur—en moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin. Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is saam in hierdie proses. Streef daarna om vroeg op te staan, om die spanning van die dag opsy te skuif, om alleen te sit en tyd in God se Woord te spandeer! Kom ons sien wat God vir jou wil leer in hierdie studie! Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

# HULPBRONNE

*Sluit By Ons Aan*

### AANLYN

lovegodgreatly.com

lovegodgreatly.com/afrikaans

### WINKEL

lovegodgreatly.com/store

### FACEBOOK

facebook.com/LoveGodGreatly

facebook.com/Love-God-Greatly-Afrikaans-717623225000335

### INSTAGRAM

instagram.com/lovegodgreatlyofficial

instagram.com/liefgodgrootliks

instagram.com/lovegodgreatlyafrikaans

### TWITTER

@_LoveGodGreatly

### LAAI DIE APP AF

### KONTAK ONS

info@lovegodgreatly.com

lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com

### SKAKEL BY ONS IN

#LoveGodGreatly

#LoveGodGreatlyAfrikaans

# LOVE GOD GREATLY

*Love God Greatly* (LGG) is 'n pragtige gemeenskap van vrouens wat 'n verskeidenheid soorte van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord. Ons begin met 'n eenvoudige Bybel leesplan, maar dit eindig nie daar nie.

*Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?*

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle plaaslike huise en kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens van reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ons ookal gebruik, ons neem liefdevol mekaar se hande en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

In vandag se vinnig-veranderende, tegnologie-gedrewe wêreld, is dit maklik om God se Woord te bestudeer in 'n geïsoleerde omgewing wat nie aanmoedig en ondersteuning bied nie, maar dit is nie die doel hier by *Love God Greatly* nie. God het ons geskape om in gemeenskap met Hom en die mense rondom ons te leef.

Ons het mekaar nodig, en ons leef die lewe beter saam. Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?

Wees verseker dat ons saam met jou hierdie studie gaan doen—ons gaan saam met jou leer, jou aanmoedig, soete samesyn geniet en van oor tot oor glimlag soos ons sien hoe God vrouens saamsnoer—doelgerig harte en gedagtes saambind tot Sy eer.

So hier is die uitdaging: betrek jou moeder, jou suster, jou ouma, die vrou oorkant die straat, of die universiteitsvriendin aan die ander kant van die land. Betrek 'n groep vrouens van jou kerk of jou werk, of ontmoet in 'n koffiewinkel met vriende wat jy nog altyd beter wou leer ken.

Arm om arm en hand in hand. Kom ons doen dit…saam.

# DIE SOAP BYBELSTUDIE METODE

## HOE EN HOEKOM

*Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe.*

By *Love God Greatly* glo ons dat die Woord van God lewendig en aktief is. Ons glo dat die woorde van die Bybel kragtig en effektief is en toepaslik is vir die lewe in alle tye en alle kulture. Ons weet ook dat die Bybel geskryf is vir spesifieke gehore in spesifieke kulture op spesifieke tye. Ons glo dat, om die Bybel korrek te kan interpreteer, ons 'n begrip moet hê van die konteks van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode om die Bybel te bestudeer. Hierdie Engelse akroniem staan vir die woorde Scripture, Observation, Application, en Prayer (Skrifgedeelte, Observasie, Interpretasie en Gebed). Dit is een ding om net die Bybel te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor te bepeins, dan begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper te delf in die Bybel en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jakobus 1:22).

In hierdie joernaal sal jy daagliks verse hê om te lees en 'n paar verse om te SOAP. Ons lees 'n gedeelte van die Bybel en pas dan die SOAP metode toe op 'n paar verse. Ons glo dat hierdie metode ons help om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Jy sal nooit tyd mors in God se Woord nie. Dit is kragtig en effektief. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

Ons moedig jou aan om die SOAP metode toe te pas wanneer jy die daaglikse verse lees. Neem asseblief die tyd om te SOAP deur ons Bybelstudies en sien vir jouself hoeveel meer jy uit jou daaglikse stiltetyd kry.

Jy sal verbaas wees.

# SOAP STUDIE *(VOORTGESIT)*

## MAANDAG

LEES
*1 Timoteus 1:1-7*

SOAP
*1 Timoteus 1:5-7*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir Julle in die hemel bewaar word en waarvan Julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan Julle verkondig is. Die evangelie het Julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is. Julle is daarin onderrig deur Epafras, ons geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus in Julle belang. Dit is ook hy wat ons vertel het van die liefde wat deur die Gees in Julle gewek is.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

Wanneer Jy geloof en liefde kombineer, kry Jy hoop.
Ons moet onthou dat ons hoop in die hemel is.....dit wag op ons. Die evangelie is die Woord van Waarheid. Die evangelie dra vrugte en groei van die eerste dag tot die laaste. Dit neem net een persoon om 'n hele gemeenskap te verander...Epafras.

**S** STAAN VIR **SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)**

*Skryf die verse ten minste een keer neer.*

*Neem jou tyd, skryf die verse uit die Bybel neer en fokus op wat jy skryf.*

*Dit is altyd goed om dit meer as een keer neer te skryf.*

**O** STAAN VIR **OBSERVATION (OBSERVASIE)**

*Neem jou tyd om die Skrifgedeelte nougeset waar te neem.*

*Wat sien jy in die verse wat jy lees? Wie is die gehoor vir wie dit geskryf is? Met wie praat die skrywer? Watter kulturele faktore speel 'n rol? Word enige woorde of temas herhaal? Watter literêre middels (bv. beeldsprake, vergelykings) word gebruik?*

**A** STAAN VIR **APPLICATION (TOEPASSING)**

*Nadat jy nougeset waargeneem het wat in die Skrifgedeelte gebeur, bepaal wat die hoofboodskap of waarheid van hierdie gedeelte is.*

*Hoe kan jy hierdie waarheid in jou lewe toepas?*

*Wat moet jy vandag doen, in die lig van hierdie waarheid?*

*Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

God het een man, Epafras, gebruik om 'n hele dorp te verander! Ek was daaraan herinner dat ons net geroep is om ander van Christus te vertel....... God sal die evangelie laat versprei..... om dit te laat groei en vrugte te dra. Ek voel dat vandag se verse direk spreek to LGG..."en net soos dit in die hele wereld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos wat dit werklik is."

*Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

Liewe Here, help my asseblief om 'n "Epafras" te wees - om ander mense van U te vertel, en die resultate dan in U liefdevolle hande te los. Help my asseblief om dit wat ek gelees het, te verstaan en toe te pas in my persoonlike lewe, sodat ek elke dag meer en meer soos U kan word. Help my om 'n lewe te lei wat vrugte dra van geloof en liefde. Anker my hoop in die hemel, nie hier op die aarde nie. Help my om te onthou dat die BESTE nog voorlê!

**P** STAAN VIR **PRAYER (GEBED)**

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*As Hy iets in hierdie tyd aan jou geopenbaar het, bid daaroor.*

*Bely enige sonde wat God geopenbaar het.*

*Bid oor die waarheid wat jy uit hierdie Skrifgedeelte geleer het.*



# GETUIENIS

## GUISETTE, LGG SPAANSE TAKLEIER

As ‘n enkelma van drie kinders ervaar ek talle uitdagings. Te midde van die moeilikhede het gebed egter ‘n daaglikse skat geword. Nie net kan ek deur gebed tyd saam met God spandeer nie, maar ek het ook geleer om op Hom staat te maak in my daaglikse worstelinge. Ek weet Hy hoor my en ek weet Hy antwoord.

Ek het ook al die krag van gebed deur my gemeenskap, beide my plaaslike kerk en die gemeenskap wat ek in Love God Greatly gevind het, aanskou. Dit is ‘n ongelooflike voorreg om te weet daar word vir my gebid en om in die laste van my dierbare vriendinne regoor die wêreld te deel deur hulle in gebed op te dra.

Byna drie jaar gelede het ek een van my beste vriende verloor. Ek het ook kort voor dit my werk en my huis verloor. Ek was so verlore in verdriet. Ek het afgesonderd gevoel maar tog wou ek nie met enigiemand praat of deel waardeur ek besig was om te gaan nie. Ek het gedink ek kon alles op my eie doen en dat ek nie enigiemand nodig gehad het nie. Ek het geglo ek kon uit my eie krag uit die gat kom wat ek vir myself gegrawe het.

Een aand het my motor in die middel van die snelweg onklaar geraak. Dit was die laaste strooi. Ek het gehuil en weereens teruggedraai na God toe. Ek het sy krag nodig gehad en ek het vir Hom laat weet. Ek het daardie wintersaand vir amper ‘n uur daar in die middel van nêrens gebid en gehuil dat sy wil sou geskied. Ek het erken dat ek Hom meer as ooit nodig het en ek het weereens om sy vergifnis gevra. Ek het God om genade gevra, weereens my hart aan Hom toegewy en Hom gevra vir sy krag.

Daardie aand was ‘n keerpunt vir my toe ek besef hoe nodig ek gebed daagliks het. Ek het geweet my susters regoor die wêreld het my opgedra in gebed, en ek het geweet God het geantwoord. Wanneer ons God soek, belowe Hy om ons altyd te antwoord. Ons kan op Hom vertrou!

***Om kontak te maak met hierdie tak:***

- amaadiosgrandemente.com
- Facebook: amaadioslggespanol
- Instagram: amaadiosgrandemente
- lggspanish@gmail.com

Ken jy iemand wat ons Love God Greatly Bybelstudies in Spaans kan benut? Indien wel, vertel hulle gerus van al die wonderlike Bybelstudiebronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

*Waarvoor kan jy vir hierdie tak bid?*

Vir God se voortgesette seën op ons span en gemeenskap

Vir meer fasiliteerders en vir meer vrywilligers om met die kinder- en jeugmediaspan te help.

# DIE BELANGRIKHEID VAN GEBED

*Kom ons begin*

# INLEIDING

## DIE BELANGRIKHEID VAN GEBED

> *'Gebed is die belangrikste onderwerp in praktiese godsdiens. Alle ander onderwerpe is ondergeskik daaraan. Om die Bybel te lees, die Sabbat te onderhou, na preke te luister, dienste by te woon, aan die Tafel van die Here te sit – dit is alles baie belangrike sake, maar nie een van hulle is so belangrik soos persoonlike gebed nie" (J. C. Ryle, 1816-1900).*

Ek gaan heeltemal eerlik wees. Vir my is gebed die maklikste en terselfdertyd die moeilikste van al die geestelike dissiplines. Dit is maklik omdat dit nie enige spesiale talente van my vereis nie, geen gesofistikeerde woordeskat of dat ek na 'n spesifieke plek hoef te gaan nie. En tog is dit moeilik, omdat my aandag maklik afgelei word, getrouheid ontbreek en ek dikwels onkundig is oor die gevare van 'n biddelose lewe. Meermale as wat ek graag wil erken, vergeet ek dat ek 'n teëstander het wat my dood beplan. God het my toegerus met die wapens wat ek nodig het om terug te veg, maar gebruik ek dit?

Gebed is 'n voorreg wat ek as vanselfsprekend aanvaar. Dit is 'n geskenk waarvan ek die waarde soms onderskat. En tog, in tye wanneer ek baie desperaat is, waarmee vind ek myself besig? Om te bid, amper asof dit instinktief gebeur.

Van Adam en Eva tot die apostel Johannes, word gebed dwarsdeur die Woord van God gevind. Die meeste van ons weet dat gebed 'n gesprek met God is, maar dis soveel meer as net dit. Dit is 'n geleentheid waar ek gemeenskap met God kan beleef, wat my in staat stel om te eniger tyd tot Hom te nader.

Een van die redes waarom so baie van ons traag is om te bid, is omdat ons nie glo dat gebed belangrik is nie. Ons dink dat ons deur ons dag kan kom sonder die hulp en leiding van God. Ons tree op asof ons sterk genoeg is om versoeking te weerstaan, dapper genoeg om die aanvalle van Satan te beveg, vaardig genoeg om die weë van die wêreld te navigeer en kundig genoeg om die Woord van God op ons eie te interpreteer. Ons glo dat ons selfonderhoudend is.

As ons die lewe van Jesus bestudeer, kan ons nie anders as om op te let hoeveel keer Hy homself van mense onttrek het om tyd saam met sy Vader in gebed deur te bring nie (Matteus 14:23; Markus 1:35; Lukas 6:12; 22:32). Die Seun van God wat storms laat bedaar het, demone uitgedryf het en siekte oorwin het, het die belangrikheid van gebed geken en dit deel van sy daaglikse lewe gemaak. Ons moet sy voorbeeld volg.

Gebed is belangrik omdat dit ons oë op Jesus fokus, ons krag gee, ons nader aan God bring, troos bring, vrede gee en ons liefde vir God aan die brand hou. Gebed is 'n toevlugsoord in tye van hartseer en pyn, 'n plek van genesing vir die gehawendes en dié wat seer het. Dit is 'n tyd om duidelikheid en wysheid te soek; dit is 'n tyd van lofprysing en aanbidding.

Terwyl ons die volgende paar weke die belangrikheid van gebed bestudeer, hoop ek dat God ons oë sal oopmaak vir die wonder en krag wat ons het wanneer ons sy wonderbaarlike genadetroon nader.

# SOAP LEESPLAN

## WEEK 1 - DIE BELANGRIKHEID VAN GEBED

Maandag: Wees Toegewyd aan Gebed
Lees: Handelinge 2:42–47
SOAP: Handelinge 2:42

Dinsdag: Nader God met Vertroue
Lees: Hebreërs 4:15–16
SOAP: Hebreërs 4:16

Woensdag: Eerbiedig God en Sy Wysheid
Lees: Jeremia 10:6–7
SOAP: Jeremia 10:6–7

Donderdag: Prys Die Naam van die Here
Lees: Psalm 145
SOAP: Psalm 145:2–3

Vrydag: Bid Vir Mekaar
Lees: Romeine 15:30; Kolossense 1:9–12
SOAP: Kolossense 1:9

## WEEK 2 - MAAK GEBED 'N PRIORITEIT

Maandag: Vind Tyd vir Gebed
Lees: Matteus 14:23; Markus 1:35
SOAP: Markus 1:35

Dinsdag: Versoen met Ander
Lees: Matteus 5:17–24
SOAP: Matteus 5:23–24

Woensdag: Die Krag van Gebed
Lees: Lukas 8:40–42, 49–56; Handelinge 9:36–43
SOAP: Handelinge 9:40

Donderdag: Kniel Voor die Vader
Lees: Efesiërs 3:14-19
SOAP: Efesiërs 3:14–16

Vrydag: Bid Om In Christus Te Bly
Lees: Johannes 15:1–8
SOAP: Johannes 15:5

## WEEK 3 - BID MET VRYMOEDIGHEID

Maandag: Bid Jubelend in Hoop
Lees: Romeine 5:1–5
SOAP: Romeine 5:1–2

Dinsdag: Bid Volgens Sy Wil
Lees: 1 Johannes 5:13–15
SOAP: 1 Johannes 5:14

Woensdag: Bid Met Vertroue
Lees: Efesiërs 3:1–13
SOAP: Efesiërs 3:11–12

Donderdag: Bid vir God se Koninkryk en Jou Daaglikse Sake
Lees: Matteus 6:5–13; 7:7–11
SOAP: Matteus 7:11

Vrydag: Bid met die Wete dat die Gees Intree
Lees: Romeine 8:26–27
SOAP: Romeine 8:27

## WEEK 4 - HOE GOD GEBED VERHOOR

Maandag: ‘n Gebed Vir Sy Krag
Lees: 2 Korintiërs 12:6–10
SOAP: 2 Korintiërs 12:8–9

Dinsdag: God Onthou
Lees: 1 Samuel 1:1–20
SOAP: 1 Samuel 1:10, 19–20

Woensdag: In Afwagting Op God se Antwoord
Lees: Klaagliedere 3:19–26
SOAP: Klaagliedere 3:25–26

Donderdag: As Verowerende, Verterende Vuur
Lees: 1 Konings 18:20–39
SOAP:1 Konings 18:38–39

Vrydag: Oneindig Meer As Wat Ons Bid Of Dink
Lees: Johannes 1:16; Efesiërs 3:20–21
SOAP: Johannes 1:16; Efesiërs 3:20

## WEEK 5 - WY JOU TOE AAN GEBED

Maandag: Wy Jou Toe Om Verwagtingsvol Te Wag
Lees: Psalm 5; Spreuke 8:17
SOAP: Psalm 5:4

Dinsdag: Wy Jou Toe Om Tevrede Te Wees In God
Lees: Psalm 63
SOAP: Psalm 63:6-7

Woensdag: Wy Jou Toe Aan Lofprysing
Lees: Psalm 100
SOAP: Psalm 100:4–5

Donderdag: Wy Jou Toe Om Sy Krag Te Soek
Lees: Psalm 18
SOAP: Psalm 18:7

Vrydag: Laat Toe Dat Hy Jou Van Jou Sondes Reinig
Lees: Psalm 51
SOAP: Psalm 51:12

## WEEK 6 - GAAN TOT AKSIE OOR

Maandag: Bid vir Jou Verhoudings
Lees: Kolossense 3:12–17
SOAP: Kolossense 3:12–13

Dinsdag: Bid vir Jou Kinders en die Volgende Generasie
Lees: Matteus 22:37; 2 Petrus 3:18
SOAP: Matteus 22:37

Woensdag: Bid vir Jou Vriende
Lees: Johannes 15:12–13; 1 Petrus 4:8–10
SOAP: Johannes 15:13

Donderdag: Bid vir Jou Gemeente en die Kerk
Lees: Matteus 16:18; Filippense 1:9–11; Die Openbaring 2:4
SOAP: Filippense 1:9–11

Vrydag: Bid vir Jouself
Lees: Psalm 91:1–4; 103:1–5
SOAP: Psalm 103:1–5

# JOU DOELWITTE

Ons glo dat dit belangrik is om doelwitte neer te skryf vir hierdie studie. Neem nou tyd en skryf drie doelwitte neer waarop jy wil fokus soos jy elke dag opstaan en in God se Woord delf. Maak seker dat jy terugverwys na hierdie doelwitte tydens die volgende paar weke, om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

Handtekening:

Datum:

# WEEK 1

*Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.*

**HEBREËRS 4:16**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou familie te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Lees deur die verse wat ons hierdie week gaan bestudeer. Skryf een of twee verse uit op ‘n kaartjie en bid dit elke dag hierdie week tot God.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Handelinge 2:42-47*

Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge
verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. 43 Die apostels het
baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul. 44 Al die
gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. 45 Hulle het hulle grond
en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte.
46 Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot
huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud
geëet, 47 en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke
dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.

# MAANDAG

LEES:
*Handelinge 2:42–47*

SOAP:
*Handelinge 2:42*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

### SOAP

*Handelinge 2:42*

*Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.*

### OORDENKING

Die eerste volgelinge van Jesus Christus is geken aan hulle eenheid, toewyding om die leer van Jesus te volg, toewyding aan mekaar in diens en gemeenskap en hulle toewyding in gebed. Die vroeë kerk gee vir ons ‘n voorbeeld van hoe volgelinge van Jesus altyd toegewyd moet wees in gebed. Gebed is noodsaaklik vir ons geloofslewe en vir eenheid en gemeenskap met ander gelowiges.

As volgelinge van Christus het ons die gawe van gebed ontvang. Gebed stel ons in staat om intiem met die almagtige God te kommunikeer. Ons weet dat God na ons luister wanneer ons bid, en ons kan vol vertroue wees dat Hy sal antwoord. Deur gebed voed en bemoedig God ons in ons geestelike groei. Terwyl ons groei in gebed, pas ons ons lewens, diens en bediening aan by God se wil.

Gebed is ook ‘n kragtige wapen wat ons kan gebruik in geestelike aanvalle. Wanneer ons toegewyd is in gebed, is ons in staat om die leuens van die vyand te bestry en te weerstaan wat hy ook al mag probeer.

Maar voordat ons al die voordele van gebed kan smaak en die betekenis daarvan verstaan, moet ons toegewyd wees in gebed. Gebed anker ons en hou ons harte gevestig op die Een wat gebed kan beantwoord. Dit stel ons in staat om meer te weet van God se karakter en liefde vir ons terwyl ons sien hoe Hy ons gebede verhoor en daarop reageer. Hoe meer tyd ons in gebed deurbring, hoe meer tyd spandeer ons saam met ons hemelse Vader.

Soos ons met hierdie studie oor gebed begin, is dit ons doel om ons begrip van die betekenis van gebed te vergroot, ‘n ritme van gebed te vestig en kragtig te bid vir ons geliefdes, ons gemeenskappe en die wêreld. Laat ons ons toewy in gebed terwyl ons strewe daarna om die Een te ken tot wie ons bid.

### GEBED

Vader, U het alles vir u plesier geskep, elke dag verlang U na ‘n intieme en eerlike verbinding en kommunikasie met my. Here, wat ‘n wonderlike voorreg is dit om U te ken! Here, verwyder asseblief alle hindernisse wat keer dat ek daagliks tot U bid. Here, help my om gebed ywerig ‘n prioriteit te maak. Here, maak gebed my eerste reaksie op enige omstandighede, nog voordat ek enigsins optree. In Jesus se naam, amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Hebreërs 4:15-16*

Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. 16 Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.

# DINSDAG

LEES:
*Hebreërs 4:15–16*

SOAP:
*Hebreërs 4:16*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF ‘N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

## SOAP

*Hebreërs 4:16*

*Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.*

## OORDENKING

In die Israelitiese offerstelsel was die hoëpriester ‘n advokaat vir die volk. Die hoëpriester reinig eers homself en bring ‘n offer vir sy eie sondes. Dan sou hy namens die volk in die tempel ingaan en ‘n offer bring vir al hulle sondes. Hy was die verteenwoordiger van die vergadering en het offers aan God gebring, sodat die hele volk van hulle sonde gereinig kon word.

Jesus is ons Hoëpriester. Anders as die priesters in die Ou Testament, was Jesus sondeloos. Hy alleen is in staat om ‘n blywende offer vir ons sondes te bring, omdat Hy self geen sonde gehad het nie. Alhoewel Hy nie gesondig het nie, is Hy steeds in staat om empatie te toon met ons swakhede, omdat Hy mens geword het. Deur Homself te verneder en die mensdom aan te neem, kan Jesus ons Hoëpriester wees. Hy is ons verteenwoordiger, die advokaat wat vir ons by God intree.

As gevolg van sy opoffering hoef ons niks te vrees nie. Ons kan met vertroue tot God nader, ongeag wat ons gedoen het. Ons sondes word vergewe en ons verhouding met God word herstel. Ons Hoëpriester gaan voor ons uit en bied ons genade en barmhartigheid, omdat Hy ons swakhede ken. Ons het ‘n oop uitnodiging om tot Hom te nader, veral in ons swakhede en ons tekortkominge.

Benut jy die voorreg wat jy het om vrymoedig in gebed tot God te gaan? Gee jy jou vreugde, pyn, stryd en angs aan Hom oor en vertrou dat Hy die enigste Een is wat berge vir jou kan versit? Sal jy vandag begin om alles wat jy beleef, goed en sleg, in gebed met die Here te deel?

## GEBED

Vader, ek dank U dat U vir my ‘n Verlosser gestuur het, want ek het elke dag redding nodig. Wanneer dit my instink is om van U te wil wegvlug, as my neiging is om vir U weg te kruip, as my drang is om vir U te jok, herinner my daaraan dat U my swakhede intiem ken, en deernis en barmhartigheid vir my in oorvloed het wanneer ek alles in nederigheid voor u troon kom neerlê. In Jesus se naam, amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Jeremia 10:6-7*

Waar is iemand soos U, Here? U is groot, die mag van u Naam is groot. 7 Wie sou U nie dien nie, Koning van die nasies? Dit kom U toe. Onder al die wyse mense, onder al die konings van die nasies, is daar niemand soos U nie.

# WOENSDAG

LEES:
*Jeremia 10:6–7*

SOAP:
*Jeremia 10:6–7*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

## SOAP

*Jeremia 10:6–7*

*Waar is iemand soos U, Here? U is groot, die mag van u Naam is groot. Wie sou U nie dien nie, Koning van die nasies? Dit kom U toe. Onder al die wyse mense, onder al die konings van die nasies, is daar niemand soos U nie.*

## OORDENKING

Die profeet Jeremia het hierdie gedeelte geskryf om die grootheid van God oor alle afgode te kontrasteer. Sy woorde herinner die volk Juda, wat van God afgewyk het, dat hulle God, die Here alleen, lofwaardig is.

Ons dien 'n God wat kragtig bo alle maat is, wat aan alle dinge lewe en asem gee, in die hemele sit en aktief is in ons lewens. Ons Here is ons lof, ons kommunikasie, ons erkenning en ons liefde waardig. As ons nadink oor die dinge in ons lewens waaroor ons praat, waaroor ons spog of trots is, behoort die Here bo-aan die lys te wees. Niks en niemand het die krag van ons God nie.

Wanneer ons God in gebed nader, moet ons verstaan wie Hy is. Ja, Hy is in staat om meer te doen as wat ons kan vra en ver bo wat ons ons kan voorstel, maar Hy is ook die groot en almagtige Koning. Hy is heilig, magtig en lofwaardig. Terwyl ons God in gebed soek, moet ons harte 'n houding van eerbied vir Hom hê. Hy is nie 'n masjien wat vir ons gee wat ons wil hê wanneer ookal ons vra nie. Hy het 'n perfekte plan vir ons lewens en vir die wêreld. God is bo ons begrip en sy weë is hoër en beter as ons s'n.

Wat in jou lewe kompeteer vir jou aandag, jou toewyding, jou lof en jou liefde? Wat of wie het jy hoër as God geplaas? Hoe sal jy vandag begin om God weer die eerste prioriteit in jou lewe te maak? Terwyl jy vandag in gebed tot God nader, neem tyd om Hom te loof vir sy heiligheid, sy grootheid, sy krag en sy majesteit.

## GEBED

Vader, u liefde vir my strek tot aan die hemel en bo die wolke uit. Tog is daar dae dat ek U skaars erkenning gee. Here, vergewe my as ek u krag, u majesteit en u getroue optrede in my lewe vergeet. Here, gee my asseblief die moed en vrymoedigheid om te spreek en te roem oor u wonderlike werk in my lewe. Herinner my asseblief daagliks daaraan, Here, dat alles en elke persoon wat ek bo U plaas, my sal faal, maar U sal nooit. In Jesus se naam, amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Psalm 145*

'n Loflied van Dawid

Ek wil u lof verkondig, my God en Koning, ek wil u Naam altyd loof. 2 Elke dag
wil ek U loof, ek wil u Naam altyd prys. 3 Die Here is groot, alle lof kom Hom
toe, sy grootheid is ondeurgrondelik. 4 Geslag na geslag prys wat U doen en vertel
van u magtige dade, 5 van die luister, die heerlikheid van u majesteit. Ek wil
getuig van u magtige dade, 6 sodat die mense oor u wonderdade sal praat. Ek wil
van u grootheid vertel. 7 Sonder ophou moet hulle u groot goedheid verkondig en
oor u reddingsdade jubel. 8 Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en vol
liefde. 9 Die Here is vir almal goed en barmhartigheid oor alles wat Hy geskep het.

10 Almal wat deur U geskep is, loof U, Here, en u troue dienaars prys U! 11 Hulle
vertel van u koninklike mag en getuig van u groot krag. 12 Die mense moet weet
van sy krag, van sy koninklike mag en majesteit. 13 U koningskap is 'n koningskap
vir alle tye, u heerskappy strek oor die geslagte heen. 14 Die Here help almal
op wat geval het. Hy ondersteun dié wat bedruk is. 15 Die oë van almal is op U
gerig, en U gee hulle kos op hulle tyd. 16 U maak u hand oop en skenk u guns in
oorvloed aan almal wat leef. 17 Die Here is regverdig in al sy handelinge, getrou in
alles wat Hy doen. 18 Die Here is naby almal wat hom aanroep, almal wat Hom in
opregtheid aanroep. 19 Aan dié wat Hom dien, gee Hy wat hulle vra, Hy hoor as
hulle om hulp roep, en Hy red hulle. 20 Die Here beskerm almal wat Hom liefhet,
maar al die goddeloses verdelg Hy. 21 Ek sal die lof van die Here verkondig. Laat
al wat leef, sy heilige Naam vir altyd prys.

# DONDERDAG

LEES:
*Psalm 145*

SOAP:
*Psalm 145:2–3*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

## SOAP

*Psalm 145:2–3*

*Elke dag wil ek U loof, ek wil u Naam altyd prys. Die Here is groot, alle lof kom Hom toe, sy grootheid is ondeurgrondelik.*

## OORDENKING

Dawid het hierdie lofpsalm (en vele ander) geskryf om sy aanbidding vir God uit te basuin. Hy het God se grootheid en ontsagwekkende krag herken en wou hê dat alle mense die Here sou prys. Dawid het geweet wie God is en wat God gedoen het. Dawid het baie jare met God gewandel, Hom vertrou en op Hom staat gemaak vir al sy behoeftes. Hoewel Dawid nie perfek was nie, was een van die vele dinge wat hy goed gedoen het, om vir ons 'n raamwerk te gee oor hoe ons die Here voortdurend kan loof.

As gelowiges in Christus is dit ons roeping om die lig te wees in hierdie donker, gevalle wêreld, om God te verheerlik deur ons liefde, gedrag en woorde. Wanneer ons lewe 'n lofprysing tot God is, wys ons voortdurend vir die wêreld wie ons God is en wat Hy gedoen het. As ons die Here in die openbaar loof, getuig ons van sy grootheid en sy soewereiniteit. Wanneer ons harte in ooreenstemming is met wat Hy deur gebed in ons lewens en ons omgewings doen, kan ons sy hand duideliker sien. Wanneer ons Hom loof, erken ons sy optrede, sy sorg, sy liefde en sy krag.

Om 'n lewe van lofprysing te leef, wys nie net vir die mense rondom ons wie ons volg nie, maar dit bring ons harte ook in lyn met God s'n. In plaas daarvan om net 'n klomp versoeke tot God te rig, herinner lof ons aan die majesteit van God. Gebed is nie net 'n geleentheid om ons behoeftes en versoeke voor God neer te lê nie, maar dit is 'n geleentheid om Hom te aanbid. Ons lof bring Hom eer elke keer as ons Hom dit bied.

Hoe gereeld prys jy God onder diegene wat Hom nie ken nie? Hoe dra jy jou geloof oor aan die volgende generasie? Hoe kan jy vandag begin om die Naam van die Here te verkondig met jou woorde, jou gesindheid, jou gedrag en jou gehoorsaamheid aan Hom?

## GEBED

Vader, u koninkryk is ewig en u heerskappy staan vir ewig. Here, op elke gebied van my lewe het U sulke wonderlike werke gedoen. Here, gee my asseblief die moed om lewe en waarheid te spreek in die lewens van diegene wat U nie ken nie. Laat my lewe, my gedrag en my liefde vir mense U goed verteenwoordig. In Jesus se naam, amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Romeine 15:30*

Ek versoek julle dan dringend, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus en op grond van die liefde wat van die Heilige Gees kom: Stry saam met my deur vir my te bid

*Kolossense 1:9-12*

Daarom, van die dag af dat ons van julle gehoor het, hou ons ook nie op om vir julle te bid nie. Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, julle sy wil duidelik sal laat ken, 10 sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis vna God. 11 Mag God deur sy wonderbare krag julle alle sterkte gee om in alle omstandighede geduldig te volhard. 12 Met blydskap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig.

# VRYDAG

LEES:
*Romeine 15:30; Kolossense 1:9–12*

SOAP:
*Kolossense 1:9*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

## SOAP

*Kolossense 1:9*

*Daarom, van die dag af dat ons van julle gehoor het, hou on sook nie op om vir julle te bid nie. Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, julle sy wil duidelik dal laat ken,*

## OORDENKING

In sy brief aan die kerk in Kolosse het Paulus geopen deur sy gebed vir die kerk te deel. Paulus het vertel hoe hy en Timoteus getrou vir die kerk gebid het. Hulle het tot God gebid om hulle te vul met die kennis van sy wil en om hulle geestelike wysheid en begrip te gee sodat hulle lewens kan lei wat die Here waardig is. Hulle het gebid dat hulle sou toeneem in hul kennis en begrip van wie God is, dat hulle daagliks deur God versterk sou word en dat hulle God sou erken en prys vir die verlossing en redding wat Hy bied.

Paulus se gebed toon sy innige liefde en dankbaarheid vir hierdie kerk. Sy gebed toon sy hart vir hulle redding en voortgesette geestelike groei. Met sy volgehoue gebed vir hulle, het Hy geweet dat God sou voortgaan om te werk. Paulus het die verband tussen geestelike kennis en begrip en 'n sterk Christelike wandel verstaan. Hy het geweet dat die kerk in Kolosse sonder begrip nie vrug sou kon dra of ander tot 'n reddende geloof in Jesus kon bring nie.

Net soos Paulus, kan ons dieselfde gebed bid vir ons vriende, familielede, kinders, medewerkers en bure. Ons kan dit ook vir ons kerke bid, dat ons as 'n verenigde liggaam van Christus vervul sal wees met geestelike kennis en begrip. Hoe meer ons met God wandel, tyd spandeer om Hom te ken en sy karakter en plan te verstaan, hoe meer weerspieël ons lewens Hom. Terwyl ons ons daartoe verbind om hierdie gebed vir ons vriende te bid, mag ons dit ook oor onsself bid, en probeer om aan te hou groei in ons kennis en begrip van God.

Vir wie gaan jy elke dag bid? Bid jy deurgaans vir die eenheid en groei van God se kerk en sy plan vir die wêreld? Sal jy vandag 'n verskuiwing maak van om slegs vir jou eie behoeftes te bid na die behoeftes van gelowiges en ongelowiges in hierdie wêreld?

## GEBED

Vader God, U het my geskep met 'n Goddelike doel vir u Goddelike wil. Aangesien ek vir U belangrik is en vir U gemaak is, Here, wil ek u doel en planne vir my ken op u perfekte tyd. Openbaar my plek in u plan om u kerk te versterk en te laat groei en die verlorenes te bereik. Here, help my om minder op myself te fokus en meer op diegene wat U nodig het. In Jesus se naam, amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Tot watter vier aksies in Handelinge 2:42 het die vroeë Christene hulself aan toegewy? Hoe dink jy het hierdie vier aksies hulle daaglikse lewens beïnvloed?

2. Hoe moet ons die genadetroon nader wanneer ons bid? Waarom?

3. Watter rol speel 'om God te loof vir wie Hy is' in jou gebedslewe? Waarom is dit belangrik om tot stilstand te kom om God te loof?

4. Op grond van Psalm 145:2, hoe gereeld moet jy God loof?

5. Wanneer jy vir ander bid, wat is van die dinge waarvoor jy op grond van Kolossense 1:9, moet bid?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 2

*Die môre vroeg,*

*toe dit nog nag was,*

*het Hy opgestaan en*

*buitentoe gegaan na 'n*

*eensame plek en daar gebid.*

**MARKUS 1:35**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou land te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Bepaal hierdie week 'n tyd in jou dag en 'n spesifieke plek waarnatoe jy kan wegbreek en doelgerig kan bid soos wat Jesus gedoen het. Dit tyd en plek sal vir elkeen van ons anders wees, maar ons doel is om ons besige pas te verslap en doelgerig elke dag tyd saam met Jesus deur te bring.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Matteus 14:23*
Nadat Hy die mense weggestuur het, het Hy alleen na die berg toe gegaan om te bid. Toe dit aand word, was Hy daar alleen.

*Markus 1:35*
Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na ’n eensame plek en daar gebid.

# MAANDAG

LEES:
*Matteus 14:23; Markus 1:35*

SOAP:
*Markus 1:35*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

## SOAP

*Markus 1:35*

*Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na 'n eensame plek en daar gebid.*

## OORDENKING

Dwarsdeur die Evangelieverslae van Jesus se lewe op aarde is daar baie kere wat Hy van ander af weggegaan het om te bid. Een keer was dit nadat Hy baie siek mense genees het, insluitende Petrus se skoonmoeder, en terwyl baie mense na Hom gesoek het. 'n Ander keer was nadat Hy meer as 5000 mense gevoed het. En 'n ander keer het Hy weggeglip nadat Hy pas sy laaste maaltyd met sy dissipels gedeel het.

Jesus het dikwels gekies om na 'n stil plek te gaan om tyd te spandeer in die teenwoordigheid van sy Vader. Dikwels was dit nadat Hy wonderwerke verrig het. Soms was dit voor 'n groot gebeurtenis. Ongeag die omstandighede, sien ons dat Jesus die teenwoordigheid van ander verlaat om in die teenwoordigheid van sy hemelse Vader te sit.

Ons hoor gereeld opmerkings wat ons vertel dat as Jesus tyd alleen met God nodig gehad het, ons dit des te meer nodig het. Alhoewel dit waar is, en ons absoluut tyd nodig het om saam met ons hemelse Vader deur te bring, is dit moontlik dat daar meer aan Jesus se aksies was. Jesus wou tyd saam met sy Vader deurbring. Jesus het geweet dat die Vader sy bron, sy onderhouer, sy troos en sy vreugde was. Jesus het nie net weggegaan om tyd alleen met God deur te bring wanneer Hy dit nodig gehad het nie, maar om sy verhouding met God verder te verdiep.

Waarop ons kan fokus uit gedeeltes soos hierdie, is nie bloot dat Jesus in die teenwoordigheid van God moes wees nie, maar dat Hy begeer het om in die teenwoordigheid van God te wees. Hoe meer ons gebed as 'n prioriteit in ons lewens stel, hoe meer sal ons begeer om in God se teenwoordigheid te wees. Hoe meer tyd ons met Hom deurbring, hoe meer herken ons die vreugde en vrede wat slegs uit sy teenwoordigheid kom. Jesus het gereeld tyd alleen met die Vader gesoek. Mag ons ook leef op 'n manier wat ons kosbare, onskatbare tyd saam met God bewaak en beskerm.

## GEBED

Hemelse Vader, U alleen is my bron. U alleen is waar ek vreugde, vrede, troos, voorsiening, genade en liefde vind. Help my om weg te draai van afleidings, verpligtinge en ander mense, sodat ek tyd saam met U 'n prioriteit kan maak. Help my om die tye in my dag raak te sien wanneer ek na U toe moet draai in plaas van na ander afleidings. In Jesus se naam, amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Matteus 5:17-24*

"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak
nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle
betekenis te laat kry. 18 Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder
vergaan as dat een letter of lettergrepie van die wet sal wegval voordat alles
voleindig is. 19 "Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig
maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die
hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die
koninkryk van die hemel. 20 Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie
meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die
koninkryk van die hemel ingaan nie."

21 "Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: 'Jy mag
nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank.'
22 Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die
regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse
Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur. 23 "As jy
dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen
jou het, 24 laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou
broer en kom dan en bring jou gawe.

# DINSDAG

LEES:
*Matteus 5:17–24*

SOAP:
*Matteus 5:23–24*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

## SOAP

*Matteus 5:23-24*

*As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.*

## OORDENKING

Vandag se verse is reg in die middel van 'n preek wat Jesus gelewer het toe Hy naby die See van Galilea was, naamlik die Bergrede. Gedurende hierdie toespraak het Jesus baie dinge verduidelik, insluitend die manier waarop die Wet verkeerd geïnterpreteer en verkeerd toegepas is. Terwyl God die Wet aan Moses gegee het, insluitend die Tien Gebooie, spesifieke instruksies vir offerandes en meer as seshonderd ander individuele wette om as God se volk te lewe, het die priesters en leraars van die wet hul eie weergawe geskep van wat reg en verkeerd was.

In die Bergrede het Jesus baie van hierdie kwessies aangespreek. Die Fariseërs en kenners van die wet wou glo dat hulle regverdig was, maar Jesus het vir hulle gewys hoe regverdigheid uit die hart kom en nie uit ons optrede nie. Hoewel sommige van die wetsgeleerdes moontlik deur hulle optrede regverdig voorgekom het, was hulle harte baie ver van God af.

Teen die tyd dat Jesus die Bergrede gelewer het, was daar nog steeds offers in Israel. Jesus het verduidelik dat as iemand 'n gawe of offer aan God kom bring, maar iets teen 'n ander hou, of as iemand iets teen hulle het, hulle hulle gawe moet laat staan, versoen moet word en dan kan terugkeer om die gawe aan te bied. Wat vir God belangrik is, is die toestand van ons harte, nie hoe ons aksies lyk nie.

Gebed is dieselfde. Dit het min te doen met ons hoe ons lyk, ons posisie of ons woorde. Dit gaan oor ons harte. As ons jaloesie, woede of ontevredenheid teenoor iemand koester as ons bid, is dit nie vir God verborge nie. Ons moet seker wees dat ons probeer het om met ander te versoen, en die uitkoms aan God oorgedra het. Ons harte is vir Hom belangrik. Elke keer as ons God se troon nader, hetsy in lofprysing of met 'n versoek, is dit die toestand van ons harte wat die belangrikste is.

## GEBED

Vader God, ek bely waar ek vashou aan woede teen 'n broer of 'n suster. Help my om vergifnis aan hulle te bied en lei my om tot 'n oplossing te kom. Wanneer ek in gebed na U toe kom, wys my asseblief die wyses wat my hart ver van U af is. Ek smag dat my hart elke dag in lyn met U sal wees. In Jesus se naam, amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Lukas 8:40-42*

Toe Jesus van die oorkant af terugkom, het die mense Hom verwelkom, want almal was Hom te wagte. 41 Skielik kom daar 'n man aan. Dit was Jaïrus, 'n raadslid van die sinagoge. Hy het op sy knieë voor Jesus se voete geval en Hom gesmeek om na sy huis toe te kom, 42 want sy enigste dogter het op sterwe gelê. Sy was omtrent twaalf jaar oud. Op pad daarheen het die mense om Jesus saamgedrom.

## *Lukas 8:49-56*

Terwyl Hy nog praat, kom daar iemand van die raadslid van die sinagoge se huis af om te sê: "U dogter is al dood. Moenie nog ons Leermeester lastig val nie." 50 Maar Jesus het dit gehoor en sê vir hom: "Moet jou nie ontstel nie. Glo net, en sy sal gered word." 51 Toe Jesus by die huis kom, het Hy niemand toegelaat om saam met Hom in te gaan nie, behalwe Petrus, Johannes en Jakobus, en die kind se pa en ma. 52 Die mense daar het almal gehuil en oor haar rou bedryf. Maar Jesus sê: "Moenie huil nie, want sy is nie dood nie, sy slaap net."

53 Hulle het Hom uitgelag, want hulle was seker dat sy dood is. 54 Maar Jesus het haar hand gevat en uitgeroep: "Dogtertjie, staan op!" 55 Haar lewe het teruggekom, en sy het onmiddelik opgestaan. Toe gee Jesus opdrag dat hulle vir haar iets te ete moet gee. 56 Haar ouers was stom van verbasing, en Jesus het hulle verbied om vir iemand te vertel wat gebeur het.

## *Handelinge 9:36-43*

In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help. 37 Juis in die tyd toe Petrus in Lidda was, het sy siek geword en gesterwe. Hulle het haar gewas en in 'n bokamer neergelê. 38 Aangesien Lidda naby Joppe is en die gelowiges gehoor het dat Petrus daar is, het hulle twee mans na hom toe gestuur met die versoek: "Kom tog gou na ons toe oor."

39 Petrus het dadelik saam met hulle gegaan en toe hy daar kom, het hulle hom na die bokamer toe geneem. Al die weduwees het by hom kom staan en snikkend vir hom die klere gewys wat Dorkas gemaak het toe sy nog gelewe het. 40 Nadat Petrus almal uitgestuur het, het hy gekniel en gebid. Toe het hy na die liggaam gedraai en gesê: "Tabita, staan op!" Sy het haar oë oopgemaak en toe sy vir Petrus sien, het sy regop gesit. 41 Hy het haar met die hand help opstaan, die weduwees en die ander gelowiges geroep en haar lewend voor hulle gebring. 42 Die hele Joppe het hiervan gehoor, en baie mense het tot geloof in die Here gekom. 43 Petrus het geruime tyd daar in Joppe gebly by 'n sekere Simon, 'n leerlooier.

# WOENSDAG

LEES:
*Lukas 8:40–42, 49–56; Handelinge 9:36–43*

SOAP:
*Handelinge 9:40*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

## SOAP

*Handelinge 9:40*

*Nadat Petrus almal uitgestuur het, het hy gekniel en gebid. Toe het hy na die liggaam gedraai en gesê: "Tabita, staan op!"*

## OORDENKING

Petrus het groot geloof aan die dag gelê toe hy ingegaan het na Tabita toe, 'n getroue Christen wat gesterf het. Die gebeure rondom Tabita se dood word baie dieselfde as die verhaal van Jaïrus se dogter in Lukas 8 beskryf. Jaïrus se dogter en Tabita was albei reeds dood. In albei gevalle was 'n groot klomp rouklaers daar saamgetrek. In albei gevalle is die skare uit die vertrek gestuur. Die ooreenkomste is waarskynlik nie toevallig nie, aangesien Lukas die skrywer is van die Evangelie van Lukas sowel as die boek Handelinge.

Petrus het gesien hoe Jaïrus se dogter opgewek word. Hy het toegekyk hoe Jesus haar uit die dood laat opstaan het. Petrus het baie ander sulke wonderwerke aanskou, maar hierdie keer was dit hy wat groot geloof moes beoefen. Petrus het neergekniel en gebid. Voordat hy probeer het om Tabita uit die dood te laat opstaan, het hy hom gewend na die enigste Een wat mag het oor die dood. Toe het hy dieselfde woorde gesê wat Jesus gebruik het om Jaïrus se dogter lewendig te maak: "Staan op!"

Petrus het nie op sy eie krag staatgemaak vir 'n wonderwerk nie. Hy het hom in gebed na Jesus gewend. Hy het geweet waartoe Jesus se opstandingskrag in staat is, en hy het geglo dat dieselfde krag deur die Heilige Gees in hom teenwoordig was.

Ons het dalk nie die voorreg om met ons eie oë te sien hoe Jesus wonderwerke doen nie, maar ons het die voorreg om terug te kyk na God se getrouheid. Ons kan staatmaak op God se getrouheid om vandag gebed te verhoor, omdat Hy ons in die verlede geantwoord het. Hy het ons dooie harte lewendig gemaak. Hy het verhoudings herstel. Hy het liggame genees. Hy het harte verander. Hy het werk voorsien. Hy het baarmoeders oopgemaak. En Hy kan dit weer doen.

Hy doen steeds vandag wonderwerke. Ons kan met verwagting daarna uitsien dat Hy weer die onmoontlike gaan vermag.

## GEBED

Vader God, U is die God wat die onmoontlike vir my kan doen. Here, kom in die areas van my lewe waar ek hoop en geloof verloor het. Here, openbaar u groot mag en getrouheid om die stukkende en mislukte dinge in my lewe weer lewendig te maak sodat U verheerlik mag word. Help my om vreedsaam af te sien van enigiets wat nie binne u wil vir my is nie. In Jesus se naam, amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Efesiërs 3:14-19*
Daarom kniel ek in gebed voor die Vader 15 aan wie die hele gemeenskap van
gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. 16 Ek bid dat
Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om
innerlik sterk te word, 17 dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en
dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. 18 Mag julle in staat wees
om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde
van Christus strek. 19 Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe
gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

# DONDERDAG

LEES:
*Efesiërs 3:14-19*

SOAP:
*Efesiërs 3:14–16*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

## SOAP

*Efesiërs 3:14–16*

*Daarom kniel ek in gebed voor die Vader aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word.*

## OORDENKING

In Paulus se brief aan die kerk in Efese, benadruk hy dat redding slegs deur geloof is. Paulus het baie omgegee vir die gemeente in Efese en was voorheen drie jaar daar om die kerk te vestig. Paulus het sy bede en hoop vir die gemeente in Efese uitgespreek. Paulus se vernaamste gebed was dat die gelowiges in Efese die liefde van Christus sou begryp. Hy wou hê hulle moes die diepte en volheid van Christus se liefde verstaan sodat hulle in geloof kan voortgaan en met ander gelowiges verenig kan word.

As gelowiges in Christus het ons 'n spesiale verhouding met mekaar. Ons het eenheid deur ons geloof in Christus. Ons is met mekaar en ander volgelinge van Christus reg oor die wêreld verbind. Ons is nie net nuut, heel en volkome gemaak deur geloof in Christus nie, maar het ook 'n nuwe gesin in die kerk ontvang.

Ons word deur die liefde van Christus gedring, 'n liefde en geloof wat ons met ander gelowiges deel. Ons versterk mekaar deur van die liefde van Christus in ons lewens te getuig. As ons, soos die gemeente in Efese, die liefde van Christus meer volledig kan begryp, doen ons dit tesame, as 'n verenigde liggaam.

Gryp jy in liefde die geleenthede aan wanneer jy die kans kry om saam met gelowiges in die bediening, in die gemeente en in Bybelstudie te verkeer? Sal jy begin om met gelowiges in aanraking te kom en meer tyd saam met hulle deur te bring sodat jy God se liefde op hulle kan uitstort en hulle toelaat om sy liefde op jou uit te stort?

## GEBED

Vader God, u liefde deur u Seun Jesus maak ons heel, volkome en dat ons niks kortkom nie. Help my om enduit saam met my broers en susters in Christus te volhard sodat ons almal in u liefde gewortel en gegrond kan bly. Help my om gemeenskap met gelowiges vanuit u perspektief te sien, naamlik as 'n band wat versterk en meer van Christus se liefde in my lewe sal inbring. Help my onthou dat u liefde om te verenig sterker is as enigiets wat dreig om te verdeel. In Jesus se naam, amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

### *Johannes 15:1-8*

"Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. 2 Elke loot aan My wat nie
vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog
meer vrugte kan dra. 3 Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle
gesê het. 4 Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte
dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly
nie.

5 "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en ek in Hom, dra baie
vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. 6 As iemand nie in My bly
nie, word hy weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote
bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. 7 As julle in My bly en my
woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. 8 My Vader word
juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is."

# VRYDAG

LEES:
*Johannes 15:1–8*

SOAP:
*Johannes 15:5*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

## SOAP

*Johannes 15:5*

*Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.*

## OORDENKING

Jesus beskryf Homself as die ware Wingerdstok. Vir almal wat Hom ken, volg en in Hom glo, is Hy die Wingerdstok en ons die lote wat uit die Wingerdstok spruit. Hy is die bron van alles wat ons onderhou. Hy is die bron van lewe. Hy is die bron van oorvloed. Hy is die bron van ons geestelike vrug: liefde, vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Solank ons in Hom bly, bly ons verbind aan die Wingerdstok. Ons bly in Hom deur tyd in sy Woord, tyd in gebed, en tyd in gemeenskap met ander gelowiges deur te bring. Hoe meer ons in Hom bly, hoe meer kan sy lewe deur ons vloei om die vrug wat Hy begeer, voort te bring. As daar areas in ons Christelike lewe is wat onvrugbaar is, moet ons die Here vra om in te gryp, te voed, te verfris en te vernuwe sodat nuwe groei kan plaasvind. Hy snoei, as die goeie Tuinier, die takke wat nie vrugte dra nie.

As jy oor jou geloofswandel nadink, bly jy in Christus? Is jy slegs van Jesus afhanklik om jou te onderhou? Word jou verhouding met Hom weerspieël in die vrugte wat jy voortbring?

## GEBED

Here Jesus, U is die ware Wingerdstok. Dankie dat U 'n konstante bron van krag en groei in my lewe is. Here, verswak my onafhanklike geneigdheid en help my om net op U te vertrou. Wys die areas in my lewe uit wat u voeding en vernuwing nodig het en help my om daardie areas aan u sorg en snoei toe te vertrou. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Wat leer ons wanneer ons sien hoe Jesus tyd uit sy dag geneem het om weg te kom en te bid?

2. Hoe belemmer woede en onvergewensgesindheid jou gebede?

3. Hoe word die krag van gebed getoon in Handelinge 9:40? Wat leer dit ons van die krag van gebed?

4. Op grond van Efesiërs 3:16, wat is een ding waarvoor ons moet bid wanneer ons vir onsself en ander bid?

5. Waarom is dit belangrik om in Christus te bly? Hoe kan ons dit doen wanneer ons bid?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 3

*En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra.*

**1 JOHANNES 5:14**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou vriende te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Ons tema vir hierdie week is om met vrymoedigheid te bid. Is daar iets in jou lewe wat vrymoedige gebed benodig? Hoe kan jy 'n geloofstap neem en jou gebedsversoeke met vrymoedigheid na God te neem?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Romeine 5:1-5*

God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede
tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. 2 Deur Hom het ons in die
geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En
ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. 3 Dit
is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry
kweek volharding, 4 en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof
kweek hoop; 5 en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte
uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

# MAANDAG

LEES:
*Romeine 5:1–5*

SOAP:
*Romeine 5:1–2*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

### SOAP

*Romeine 5:1–2*

*God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God.*

### OORDENKING

Daar is net een manier om verlossing te verkry. Daar is net een manier om vrede met God en die ewige lewe saam met Hom te hê. Daar is net een manier om as regverdig voor God gereken te word en net een manier om vrede in die lewe te hê: alleenlik deur genade. Ons word deur God se genade verlossing gebied. Slegs deur geloof word ons regverdig verklaar, en dit is geloof in Christus alleen. Ons word net as gevolg van God se genade gered. Dit is ook deur God se genade dat ons nuut gemaak word.

In Christus is ons nuut; splinternuut. In Christus is jy ‘n nuwe skepping, vervul met die Heilige Gees. Jy word omvorm as kind van God, vol van sy liefde, vrede, vreugde, hoop en genade. As gevolg hiervan kan ons ons verheug in ons swaarkry, omdat ons weet dat ons swaarkry volharding in ons voortbring. Hierdie volharding kweek karakter, en daardie karakter, hoop.

Namate ons dag vir dag al hoe meer na die beeld van Christus getransformeer word, werk Hy deur ons swaarkry om hierdie volharding, karakter en hoop voort te bring. Jy is God se meesterstuk, geskep vir ‘n spesifieke doel. Hy verander jou dag vir dag om meer en meer soos Christus te wees sodat jy hoop aan ‘n ongelowige en lydende wêreld kan bring. Dit is alles tot eer van God en net tot sy eer.

As gevolg van wat Christus gedoen het, kan ons na God toe gaan. Ons kan op niks anders roem as die werk wat Christus gedoen het nie. Net Hy het vir ons toegang tot God bewerkstellig, en vir ons vrede, vreugde en hoop gegee. Dit werk saam sodat ons lewens God kan verheerlik. Ons het hoop dat ons Hom eendag gaan sien wanneer ons in die hemel met Hom verenig is.

### GEBED

Vader God, dankie dat ek nie meer dieselfde persoon as voorheen is toe ek U nog nie geken het nie. Bemagtig my, Here, met u opdrag, sonder vrees, sonder onsekerheid, sonder twyfel. Herinner my dat enigiets en alles goeds in my lewe net as gevolg van U is. Dankie dat u maatstaf vir sukses anders is as myne. Herinner my elke dag daaraan dat u my nie geroep het om suksesvol, gemaklik, welvarend of selfs uitstekend te wees nie; U het my geroep om net getrou te wees. In Jesus se naam, amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*1 Johannes 5:13-15*

Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe
het, julle wat in die Seun van God glo. 14 En nou kan ons met vrymoedigheid na
God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. 15 En
aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat
ons kry wat ons van Hom vra.

# DINSDAG

LEES:
*1 Johannes 5:13–15*

SOAP:
*1 Johannes 5:14*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

## SOAP

*1 Johannes 5:14*

*En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra.*

## OORDENKING

Johannes het in sy brief 'n wonderlike belofte met gelowiges gedeel. Hy het 'n deeglike verduideliking gegee van hoe ons as gelowiges in Christus met sekerheid kan weet dat ons die ewige lewe in die Seun van God het. Johannes het toe vir sy gehoor gesê dat hulle volkome vertroue in hul ewige veiligheid by Christus kan hê. Boonop kan ons die vertroue hê dat Hy ons hoor wanneer ons iets vra volgens die wil van God.

Hoe vertroostend is dit om te weet dat, as volgeling van Christus, jou versoeke gehoor word, ongeag jou versoek. God het nog nooit en sal nooit 'n dowe oor draai na enige van jou versoeke nie. Hy hoor jou. Elke keer as ons in die versoeking kom om hoop te verloor en te wonder of God ons omstandighede raaksien, kan ons seker wees dat Hy dit wel doen.

Hy sal altyd jou gebede hoor. Wanneer ons volgens sy wil (wat ons nie altyd ken nie), bid, kan ons verseker wees dat Hy ons sal gee wat ons vra. God berispe of veroordeel ons nie omdat ons bid of dinge vra wat buite sy wil is nie, en Hy hoor ook daardie gebede. Ons kan God se goedhartigheid sien deur die maniere waarop Hy ons nie altyd gee wat ons vra nie. Soms weet ons nie wat die beste is nie; dit is 'n bewys van sy liefderyke goedhartigheid dat Hy ons dikwels nie gee wat ons vra nie. As Hy ons iets buite sy wil sou gee, sou dit nie vir ons ten goede wees nie. Ons kan berus in die waarheid dat Hy in beheer is, en Hy gee diep om vir ons.

God antwoord nie ons gebede altyd presies soos ons gehoop het nie, maar Hy antwoord altyd in ooreenstemming met sy wil, en sy wil is altyd vir ons ten goede en tot sy eer. Vanweë sy groot liefde vir ons en vanweë Jesus se opstanding, het ons toegang tot God se konstante teenwoordigheid, nuwe hoop, nuwe lewe en ewige veiligheid.

## GEBED

Hemelse Vader, ek dank U dat ek vir U belangrik is. Ek dank U dat U my hoor. Here, help my om u beloftes in u Woord te vertrou. Laat my hart nie beïnvloed word deur die antwoord wat ek van U mag ontvang nie, maar slegs deur u belofte dat U my hoor en dat U omgee. In Jesus se naam, amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Efesiërs 3:1-13*

Daarom bid ek vir julle wat nie Jode is nie, ek, Paulus, 'n gevangene deur my
diens aan Christus Jesus. 2 Julle het tog seker gehoor van die opdrag wat God
in sy genade aan my gegee het in julle belang. 3 Hy het sy geheimenis deur 'n
openbaring aan my bekend gemaak, soos ek dit hierbo kortliks beskrywe het,
4 en as julle dit lees, sal julle 'n begrip kry van my insig in die geheimenis van
Christus. 5 Nog nooit tevore in die geskiedenis is die geheimenis aan die mensdom
bekend gemaak soos God dit nou deur die Gees aan sy heilige apostels en profete
geopenbaar het nie. 6 En dít is die geheimenis: deur die verkondiging van die
evangelie en in hulle verbondenheid met Christus Jesus, word ook mense wat nie
Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van
Christus, en kry hulle ook saam met ons deel aan wat God belowe het. 7 Van
hierdie evangelie het ek 'n dienaar geword, 'n voorreg wat God in sy genade aan
my gegee het deur sy krag in my te laat werk. 8 Hoewel ek die geringste van al
die gelowiges is, het Hy aan my hierdie voorreg gegee om aan die heidennasies die
evangelie van die onpeilbare rykdom van Christus te verkondig. 9 Ek moet aan
almal bekend maak hoe God, die Skepper van alle dinge, nou sy verborge plan
uitvoer nadat Hy dit deur al die eeue geheim laat bly het. 10 Maar nou het God
die ryke verskeidenheid van sy wysheid deur die kerk bekend laat word aan elke
mag en gesag in die hemelruim, 11 soos Hy Hom van ewigheid af al voorgeneem
het om dit deur Christus Jesus, ons Here, tot uitvoering te bring. 12 In ons
verbondenheid met Hom en deur ons geloof in Hom kan ons met vrymoedigheid
en vertroue na God gaan. 13 Daarom bid ek dat julle nie moedeloos word omdat
ek om julle ontwil ly nie. Julle moet dit eerder as 'n eer beskou.

# W O E N S D A G

L E E S :
*Efesiërs 3:1–13*

S O A P :
*Efesiërs 3:11–12*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

## SOAP

*Efesiërs 3:11–12*

*...soos Hy Hom van ewigheid af al voorgeneem het om dit deur Christus Jesus, ons Here, tot uitvoering te bring. In ons verbondenheid met Hom en deur ons geloof in Hom kan ons met vrymoedigheid en vertroue na God gaan.*

## OORDENKING

In Efesiërs 3 bid Paulus vir die gemeente in Efese. Die eerste gedeelte van sy gebed, verse 2–13, is egter ietwat van 'n doodloopstraat. Hierdie verse beskryf die geheimenis van Christus en hoe God se plan vir die verlossing van die wêreld deur Hom geopenbaar is.

In hierdie verduideliking gee Paulus uiting aan die doel van wat God in Christus bereik het en hoe ons nou, as gevolg van wat Christus bereik het, toegang tot God het. Hierdie toegang is beskikbaar deur gebed.

Die toegang wat ons tot Christus het, is nie 'n arrogante soort vrymoedigheid nie. Dit is nie die soort vrymoedigheid of vertroue wat iemand uitspreek as hulle in beheer is of eienaarskap van iets het nie. In teendeel, hierdie vrymoedigheid en vertroue kom eerder deur nederigheid.

Wanneer ons die werk van Christus verstaan, is ons natuurlike reaksie, nederigheid. Hy het ons uit die dood gered, en ons het niks gedoen om dit te verdien nie. Ons kan met vrymoedigheid en vertroue deur gebed tot God nader as gevolg van 'n volledige begrip van wie Jesus is en wat Hy gedoen het. Dit is 'n nederige vrymoedigheid, 'n bewustheid van die grootheid van Christus se getrouheid en wat dit vir ons gebring het. Sy getrouheid gee ons die vryheid om toegang tot God te verkry. Dit stel ons in staat om enige tyd met enige behoefte na God toe te kom. Wat 'n ongelooflike seën!

## GEBED

Hemelse Vader, ek loof U vir die toegang wat U my deur Christus se getrouheid gegee het. As gevolg van wat Jesus gedoen het, kan ek na U toe kom met al my behoeftes en versoeke. Help my om nederig voor U te wees, en om met vrymoedigheid en selfvertroue na U te gaan, as gevolg van Christus, nie as gevolg van myself nie. Ek het niks gedoen om 'n aanhoring by U te verdien nie, Christus het alles gedoen. U het my 'n groot voorreg gegun, en ek is beskaamd deur U volgehoue bevrydingswerk. In Jesus se naam, amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Matteus 6:5-13*

"Verder, as julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie. Hulle hou
daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid sodat die mense
hulle kan sien. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. 6 Nee, as
jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie
kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.

7 "Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde
gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie
woorde gebruik. 8 Moet dan nie soos hulle maak nie, want julle Vader weet wat
julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra.

9 "So moet julle bid:

"Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; 10 laat u koninkryk
kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. 11 Gee ons vandag
ons daaglikse brood; 12 en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe
wat teen ons oortree; 13 en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van
die Bose.

## *Matteus 7:7-11*

"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal
oopgemaak word, 8 want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir
elkeen wat klop, sal oopgemaak word. 9 "Watter mens onder julle sal vir sy seun
'n klip gee as hy brood vra, 10 of 'n slang as hy vis vra? 11 As julle wat sleg is, dan
weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in
die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?

# DONDERDAG

LEES:
*Matteus 6:5–13; 7:7–11*

SOAP:
*Matteus 7:11*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

## SOAP

*Matteus 7:11*

*As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?*

## OORDENKING

In die Bergrede het Jesus instruksies gegee oor hoe om te bid. Hy het weer verduidelik dat gebed oor jou hart gaan. God is nie besorg oor ons voorkoms of ons woorde wanneer ons bid nie. Hy gee om vir ons harte. Wanneer ons tot Hom bid, ken Hy nie net reeds ons harte nie, maar weet presies wat ons nodig het.

Jesus het ons ʻn duidelike beeld gegee van hoe ons tot God moet nader, waarvoor ons moet bid en wat die toestand van ons harte moet wees wanneer ons bid. Die gebed wat Jesus beskryf het, besing die lof van God die Vader, vra dat sy wil bo alles moet geskied en pleit om voorsiening, vergifnis en bevryding.

Maar dit is nie al nie. Terwyl Jesus sy preek voortsit, spreek Hy God se groot vrygewigheid en liefde uit. Hy het die luisteraars daaraan herinner dat God se wil vir ons ten goede en tot sy heerlikheid is. Ons kan glo dat Hy vir ons goeie dinge sal gee as dit volgens sy goeie plan en doelwitte gebruik word.

Die hart van ons Vader is nie boos nie. Hy sal ons nooit dinge gee wat ons benadeel nie, maar Hy vind vreugde daarin om goeie dinge aan ons te gee. Hy wil, net soos ʻn goeie Vader, vir ons gee wat ons vra, as dit volgens sy plan is. Wanneer ons bid, kan ons die hart van ons goeie Vader vertrou, selfs al is die antwoord nie waarop ons gehoop het nie. Ons kan bid vir die bevordering van sy koninkryk en vir ons daaglikse behoeftes en verwagtinge, wetende dat die twee met mekaar vervleg is. God is ʻn goeie Vader, en ons kan Hom vertrou!

## GEBED

Hemelse Vader, U is my genadige Voorsiener wat mildelik aan u kinders gee. Here, help my om ʻn goeie bestuurder te wees van die hulpbronne waarmee U my geseën het. Bemagtig my om u genade en barmhartigheid uit te stort aan die mense rondom my. Here, verwyder alle selfopgelegde pogings om u goedkeuring en liefde te verdien. Herinner my daaraan dat U liefde ʻn geskenk is, oneindig is en nooit faal nie. In Jesus se naam, amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Romeine 8:26-27*

Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. 27 En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.

# VRYDAG

LEES:
*Romeine 8:26–27*

SOAP:
*Romeine 8:27*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

## SOAP

*Romeine 8:27*

*En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.*

## OORDENKING

Wat ‘n troos is dit om te weet dat selfs wanneer ons nie weet wat om te bid nie, die Heilige Gees namens ons bid!

Daar is tye in die lewe waarin ons nie weet wat om te bid nie. Ons is óf kreupel van emosie, onseker oor wat ons wil hê of wat God se wil is, óf ons is nie in staat om ons behoeftes uit te druk nie. Dit is in hierdie oomblikke dat ‘n betroubare vriend namens ons kan intree en vir ons kan bid. Die gebede van ‘n vriend wat jou situasie ken en verstaan, kan groot troos en vrede bied wanneer jy nie weet wat om te bid nie.

Maar selfs nog meer vertroostend is die wete dat die Heilige Gees altyd vir jou bid. Hy verstaan jou swakheid. Hy weet wat om te bid en hoe om jou behoeftes aan die Vader uit te druk op maniere wat jy nie verstaan nie. Hy deursoek jou hart en tree altyd namens jou in. En Hy bid vir jou volgens God se wil.

Wat ‘n ongelooflike voorreg dat die Heilige Gees vir my voorbid. Die Heilige Gees is ten volle God, ‘n aktiewe lid van die Drie-eenheid, in konstante eenheid met God die Vader en God die Seun. God self bid vir ons en verhef ons behoeftes volgens sy wil. Wat ‘n ongelooflike waarheid!

Die Heilige Gees is ons Trooster en ons Voorspraak. Hy werk in ons om ons meer soos Christus te maak, deur ons gedagtes, emosies en gedrag deur gebed in lyn te bring met God. Wanneer ons toegee aan die Heilige Gees, kan ons verseker wees dat ons in lyn is met God se wil.

## GEBED

Vader God, ek dank U vir u gawe van die Heilige Gees, wat my meer oor myself en oor U geleer het as wat ek ooit kon dink. Help my, Here, om onderdanig te bly aan die Heilige Gees, sodat ek in lyn sal bly met U wil vir my lewe. Dankie dat U my so lief het dat U my geseën het met my eie Onderwyser, Gids, Voorspraak en Trooster. In Jesus se naam, amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe kan ons, op grond van Romeine 5:1–2, bly wees in hoop terwyl ons bid? Hoe kan ons regverdig verklaar word en vrede met God hê?

2. Hoe kan ons die vertroue hê dat God ons gebede verhoor?

3. Hoe kan ons volgens Efesiërs 3:11–12, met vrymoedigheid en vertroue bid?

4. Watter aksie moet jy neem op grond van Matteus 7:7–11, wanneer jy bid? Waarom is vers 11 so belangrik om te verstaan?

5. Hoe vertroos Romeine 8:26–27 as jy seer het en nie woorde het om jou pyn uit te druk nie?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 4

*Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink.*

**EFESIËRS 3:20**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou kerk te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Skryf hierdie week al die kere neer wat God jou gebede beantwoord het (soveel as waaraan jy kan dink). Deel hierdie getuienisse met jou familie en vriende om hulle te bemoedig om aan te hou glo terwyl hulle op God wag. Deur jou getuienis te deel, sal jy hulle help om te sien dat God waarlik ons gebede hoor en antwoord.

# M A A N D A G

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *2 Korintiërs 12:6-10*

Al sou ek wil roem, sal ek tog nie dwaas wees nie, omdat ek die waarheid sal
praat. Maar ek weerhou my daarvan omdat ek nie wil hê dat iemand aan my meer
moet toeskryf as wat hy my sien doen of my hoor sê nie, 7 selfs nie vanweë die
verhewenheid van die openbarings nie. Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou
wees nie, is daar vir my 'n doring in die vlees gegee, 'n boodskapper van Satan
om my met vuiste te slaan. 8 Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af
weggeneem moet word. 9 Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag
kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liewer oor my
swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. 10 Daarom
is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter
wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.

# MAANDAG

LEES:
*2 Korintiërs 12:6–10*

SOAP:
*2 Korintiërs 12:8–9*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

## SOAP

*2 Korintiërs 12:8–9*

*Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.*

## OORDENKING

Paulus deel sy benarde toestand van hoe God "nee" geantwoord het op sy gebed om bevryding. Ons weet nie wat Paulus se "doring in die vlees" was nie. Wat ons wel weet, is dat Paulus aangeneem het dat hy beter af daarsonder sou wees, hetsy dit beteken het dat hy nie meer in pyn sou verkeer nie, hy sy bediening beter sou kon uitvoer, of dat hy beter toegerus sou wees om die evangelie te verkondig. God se antwoord was dat Hy meer verheerlik sou word in Paulus se swakheid.

God se krag was meer sigbaar toe Paulus nie sy roeping sonder God se hulp kon vervul nie. As Paulus dit op sy eie kon doen, sou God nie verheerlik word nie. Sy krag kom tot volle werking wanneer ons swak is. Paulus betuig dankbaarheid vir sy doring in die vlees, want dit het God se konstante teenwoordigheid en genade in sy lewe geopenbaar.

As gelowiges in Christus, sal ons beproewings, toetse en lyding ons harte suiwer deur selfstandigheid, selfgesentreerdheid, ongeduld en arrogansie weg te brand. Wanneer ons erken dat ons God te alle tye nodig het, is dit makliker om sy werk in en deur ons raak te sien. Beproewings en toetse en dorings in die vlees versterk ons geloof namate ons uithou and aanhou, terwyl ons elke oomblik aan God vashou. Die lyding wat ons ervaar openbaar aan die wêreld dat ons God waardig is vir ons om enige lyding op aarde te verduur.

Watter antwoorde op gebed het jou al laat twyfel in God se liefde en voorsiening vir jou? Sal jy bid vir 'n God-gesentreerde perspektief en vir sy genade en krag om jou te laat volhard?

## GEBED

Vader God, ek sê vir U dankie dat u krag tot volle werking kom in my swakheid. Help my om aan U vas te hou selfs wanneer my hart breek. Here, leer my om vreugde te vind in lyding om U ontwil, sodat ek die voorreg mag hê om in u lyding te deel. Herinner my dat diegene wat U liefhet droefheid en teleurstelling sal ervaar, maar terselfdertyd ook u groot liefde en teenwoordigheid. In Jesus se naam, amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *1 Samuel 1:1-20*

Daar was 'n man uit Ramatajim, 'n Suffiet uit die Efraimsberge. Hy was Elkana seun van Jerogam, seun van Elihu, seun van Togu, seun van Suf uit Efrata. 2 Hy het twee vrouens gehad. Die een se naam was Hanna en die ander s'n Peninna. Peninna het kinders gehad, maar Hanna nie. 3 Elkana het elke jaar uit sy stad uit na Silo toe gegaan om te aanbid en aan die Here die Almagtige offers te bring. Eli se twee seuns, Hofni en Pinehas, was in Silo priesters van die Here. 4 Elkana het gewoonlik op die dag wanneer hy geoffer het, dele van die offermaaltyd aan sy vrou Peninna en al haar seuns en dogters gegee. 5 Alhoewel hy vir Hanna liefgehad het, kon hy vir haar elke keer net een deel gee, want die Here het haar kinderloos laat bly. 6 Dan het die ander vrou haar baie gespot en verneder omdat die Here haar kinderloos laat bly het. 7 So het dit jaar vir jaar gegaan: elke keer as Hanna in die huis van die Here gaan offer het, het Peninna haar gespot, sodat sy gehuil het en nie wou eet nie. 8 Dan sê haar man Elkana vir haar: "Hanna, waarom huil jy? Waarom eet jy nie en waarom is jy hartseer? Is ek nie vir jou meer werd as tien seuns nie?"

9 Op 'n keer ná die offermaaltyd in Silo het Hanna opgestaan terwyl die priester Eli op sy stoel langs die deurkosyn van die tempel van die Here gesit het. 10 Sy was bitter hartseer en terwyl sy tot die Here gebid het, het sy onbedaarlik gehuil. 11 Sy het 'n gelofte afgelê en gesê: "Here, Almagtige, as U tog op my ellende wou let en aan my, u dienares, wou dink en my nie vergeet nie en aan my 'n seun gee, sal ek hom sy lewe lank aan U gee, en as teken daarvan sal sy hare nie afgesny word nie."

12 Sy het lank tot die Here gebid, en Eli het stip na haar mond bly kyk. 13 Hanna het in haar gedagte gepraat, net haar lippe het geroer. Eli kon nie haar stem hoor nie, en daarom het hy gedink sy is dronk. 14 Hy sê toe vir haar: "Hoe lank wil jy dronk bly? Loop word eers nugter!" 15 Maar Hanna het geantwoord: "Nee, Meneer, ek is maar net 'n vrou wat diep teneergedruk is. Ek het nie wyn of bier gedrink nie. Ek het my hart uitgestort voor die Here. 16 Moet tog nie dink ek is 'n slegte vrou nie. Dis oor my groot smart en leed dat ek so lank bly praat het." 17 Toe sê Eli: "Wees gerus en gaan nou maar. Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van Hom afgesmeek het." 18 En sy het gesê: "Mag dit vir my wees soos u sê." Sy het toe geloop en gaan eet, en sy was nie meer bedruk nie. 19 Die volgende môre het Elkana-hulle vroeg opgestaan, die Here aanbid en teruggegaan huis toe. Nadat hulle tuis gekom het in Rama, het Elkana gemeenskap gehad met sy vrou Hanna, en die Here het aan haar gedink. 20 By die wisseling van die jaar was Hanna swanger. Sy het 'n seun in die wêreld gebring en uitgeroep: "Sy naam is Samuel: van die Here het ek hom afgesmeek!"

# DINSDAG

LEES:
*1 Samuel 1:1–20*

SOAP:
*1 Samuel 1:10, 19–20*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

## SOAP

*1 Samuel 1:10, 19–20*

*Sy (Hanna) was bitter hartseer en terwyl sy tot die Here gebid het, het sy onbedaarlik gehuil.*

*Die volgende môre het Elkana-hulle vroeg opgestaan, die Here aanbid en teruggegaan huis toe. Nadat hulle tuis gekom het in Rama, het Elkana gemeenskap gehad met sy vrou Hanna, en die Here het aan haar gedink. By die wisseling van die jaar was Hanna swanger. Sy het 'n seun in die wêreld gebring en uitgeroep: "Sy naam is Samuel: van die Here het ek hom afgesmeek!"*

## OORDENKING

Hanna het die Here vurig om 'n kind gevra. Haar man het haar liefgehad, en daar is na haar omgesien en vir haar voorsien. Pennina, Elkana se tweede vrou, het egter baie kinders gehad en sy het elke dag vir Hanna oor haar onvrugbaarheid gespot. Hanna het nie net die verlange en afwagting in haar eie hart verduur nie, maar ook die skaamte en vernedering van ander.

Tog selfs in haar nood, het Hanna getrou gebly aan die Here. Sy het aangehou om Hom te soek, vol vertroue dat alleenlik Hy haar situasie kon verander, dat alleenlik Hy haar diepste begeerte kon vervul. Alhoewel sy so hartseer was dat sy nie eers kon eet nie, het Hanna die Here gesoek. Sy het haar hart by Hom uitgestort. Hanna het nie probeer om haar begeertes of haar teleurstelling van God af weg te steek nie. Sy het voor Hom kom staan en by Hom gesmeek om haar lyding raak te sien en vir haar 'n kind te gee.

God het aan Hanna gedink. Sommige vertalings sê dat God Hanna onthou het. God het nooit van haar vergeet nie, maar Hy het haar nood onthou en het op so 'n manier beweeg om haar lyding te verlig. God het aan Hanna se versoek voldoen om 'n kind te hê toe sy opreg tot Hom gebid het. God het alleenlik uit sy goedheid Hanna se gebed verhoor.

God is getrou, en Hy verhoor gebede. Ons kan volhard in ons gebede tot Hom, Hom voortdurend soek en vir Hom die begeertes van ons hart vra. Solank ons God nader met 'n houding van aanbidding en nederigheid en onthou dat Hy 'n heilige God is, kan ons eerlik en opreg wees oor ons begeertes. Al antwoord Hy ons nie soos Hy vir Hanna geantwoord het nie, is daar meer seëninge in gebed as bloot die antwoord. Die seën van gebed is gesetel in die vermoë om weerloos en openhartig voor die Here te staan, om met Hom te praat en ons harte voor sy voete neer te lê.

## GEBED

Vader God, U is die God wie se liefde vas bly staan deur elke situasie. Here, help my om te volhard wanneer ek glo dat ek niks anders oorhet nie. Help my om aan te hou om u te loof en prys wanneer ek dalk nie u werk sien nie. Herinner my dat U nooit sluimer of slaap nie, maar baie aktief aan die werk is in my lewe. In Jesus se naam, amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Klaagliedere 3:19-26*

Die gedagte aan my ellende en my vreemdelingskap is gal en gif vir my: 20 as ek
daaroor nadink, draai my gedagtes vas. 21 Maar dít sal ek ter harte neem en om
dié rede bly ek hoop: 22 deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar
is geen einde aan sy ontferming nie, 23 dit is elke môre nuut. U trou is groot. 24
Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom. 25 Die Here is
goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra; 26 dit is goed om
geduldig te wag op die hulp van die Here;

# WOENSDAG

LEES:
*Klaagliedere 3:19–26*

SOAP:
*Klaagliedere 3:25–26*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

### SOAP

*Klaagliedere 3:25–26*

*Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra; dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here.*

### OORDENKING

Die profeet Jeremia het groot verlies ervaar, maar hy het sy siel bemoedig deur na te dink oor God se karakter en om te onthou dat die Here se liefde standvastig en seker is. Hy het sy lewe belyn met die fundamentele waarheid van wie God is eerder as met die wisselvalligheid van veranderende omstandighede.

Gedurende ons eie seisoene van droefheid of verlies of beproewing, kan ons die hoop in ons harte lewend hou deur ons gedagtes ferm op die onveranderlike eienskappe van ons hemelse Vader te rig. Ons kan altyd op Hom vertrou. Hy sal altyd antwoord en redding bied. God se liefde vir sy mense word nie deur ons keuses bepaal nie. Selfs wanneer ons wankel, hou God ons styf vas in sy onveranderlike liefde en laat los nooit nie.

Sy deernis is oneindig. Die Here dra ons laste en voorsien ons elke oggend van nuwe genade. Wanneer ons ons gebroke lewens oorgee, gee Hy oorvloedige vertroosting. Ons kan berus in die wete dat ons Vader altyd sy arms sal oopmaak om ons te ontvang en ons te herstel as ons tot Hom roep met berouvolle harte.

Sy getrouheid is onuitputlik. Ons Vader doen altyd wat Hy belowe het. Die vyand mag tydelike hindernisse oor ons pad bring, maar hy kan nie God se doel vir ons lewens dwarsboom nie. Ons lewens mag nou wel in 'n toestand van voortdurende onvastheid wees, maar ons onveranderlike God het ons nie vergeet nie.

Jy mag vandag uiterlike verdrukking in die gesig staar, maar jy hoef nie onder vrees gebukkend te gaan nie. Jy kan jou bekommerde siel bemoedig deur te kies om voortdurend God se karakter te onthou. Probleme kan jou nie verswelg as jy volkome op die Rots van jou redding vertrou nie.

### GEBED

Vader God, u is getrou en onveranderlik, vol deernis en barmhartigheid. Help my wanneer ek oorweldig voel om hierdie waarheid te onthou en op U te vertrou. Ek weet dit is goed om op U te wag vir u perfekte tydsberekening. Ek weet ek kan op U vertrou om vir my in te tree en my te verlos, maak nie saak wat die omstandigheid is nie. In Jesus se naam, amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *1 Konings 18:20-39*

Toe stuur Agab die boodskap aan al die Israeliete; hy het ook die profete op
Karmelberg laat bymekaarkom. 21 Elia het voor die hele volk gaan staan en gesê:
"Hoe lank hou julle aan met hink op twee gedagtes? As die Here God is, volg
Hóm; maar as dit Baäl is, volg hóm." Die volk het hom nie 'n woord geantwoord
nie. 22 Toe sê Elia vir die volk: "Ek alleen het oorgebly as profeet van die Here,
maar daar is vier honderd en vyftig profete van Baäl. 23 Bring nou vir ons twee
bulle. Hulle kan vir hulle een bul kies en hom opsny en op die hout uitlê. Maar
hulle moet dit nie aan die brand steek nie. Ek sal dieselfde doen met die ander
bul. Ek sal hom op die hout uitlê, maar dit ook nie aan die brand steek nie. 24
Dan moet julle tot julle god bid, en ek sal tot die Here bid. Hy wat met vuur
antwoord, is God." Die hele volk het geantwoord: "Dis goed so." 25 Toe sê Elia vir
die profete van Baäl: "Kies 'n bul en maak julle hom eerste gereed, want julle is die
meeste. Bid dan tot julle god. Maar julle mag nie die vuur aansteek nie." 26 Hulle
neem toe die bul wat hy hulle laat kies het en maak hom gereed. Hulle bid toe tot
Baäl en roep van die môre af tot die middag toe: "Baäl, antwoord ons!" Daar was
nie 'n geluid van hom af nie. Niemand het geantwoord nie, hoe hulle ook al vir
Baäl gedans het by die altaar wat hulle gemaak het. 27 Teen die middag het Elia
hulle begin spot: "Roep harder! Hy is mos 'n god! Miskien is hy diep in gedagte of
gou bietjie uit, of op reis, of dalk slaap hy en moet hy eers wakker word!"

28 Toe roep hulle nog harder; en soos altyd kerf hulle hulle stukkend met swaarde
en spiese dat die bloed oor hulle loop. 29 Tot die namiddag het hulle aangehou te
kere gaan, en teen laatmiddag, die tyd vir die aandoffer, was daar nog geen geluid
nie. Niemand het geantwoord nie, daar was geen reaksie nie. 30 Toe sê Elia vir
die hele volk: "Kom staan hier by my," en hulle het almal by hom gaan staan. Toe
het hy die stukkende altaar van die Here weer reggemaak. 31 Hy het twaalf klippe
gevat, net soveel as die stamme van die nageslag van Jakob vir wie die Here gesê
het: "Jou naam sal Israel wees." 32 Met die klippe het hy die altaar van die Here
reggemaak en 'n behoorlike sloot daar rondom gegrawe. 33 Toe sit hy die hout reg,
sny die bul stukkend en lê dit uit op die hout. 34 Toe beveel hy: "Maak vier kruike
vol water en gooi dit uit op die brandoffer en op die hout." Daarna sê hy: "Doen
dit weer," en hulle het dit nog 'n keer gedoen. Toe sê hy: "Doen dit 'n derde keer,"
en hulle het weer so gemaak. 35 Toe stroom die water oor die hele altaar, en selfs
die sloot rondom het vol geword. 36 Teen die tyd van die aandoffer het die profeet
Elia vorentoe gekom en gebid: "Here, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit
tog vandag bekend word dat U God is in Israel, en dat ek u dienaar is wat op u
bevel al hierdie dinge doen. 37 Antwoord my, Here, antwoord my tog dat hierdie
volk kan besef dat U, Here, God is, en dat dit U is wat hulle harte weer tot U
bekeer." 38 Toe kom daar vuur van die Here af en dit verbrand die offer, die hout,
die klippe en die grond. Dit het selfs die water in die sloot opgelek. 39 Toe die
hele volk dit sien, het hulle op hulle knieë geval en uitgeroep: "Die Here is God!
Die Here is God!"

# DONDERDAG

LEES:
*1 Konings 18:20–39*

SOAP:
*1 Konings 18:38–39*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

## SOAP

*1 Konings 18:38–39*

*Toe kom daar vuur van die Here af en dit verbrand die offer, die hout, die klippe en die grond. Dit het selfs die water in die sloot opgelek. Toe die hele volk dit sien, het hulle op hulle knieë geval en uitgeroep: "Die Here is God! Die Here is God!"*

## OORDENKING

Toe God se volk van Hom af weggedraai het, het God sy profeet Elia gebruik om te help om die mense te herstel. Die Israeliete het begin om 'n vals god te aanbid, een wat hulle beweer het die ware god was. Toe Elia die profete van Baäl gekonfronteer en hulle uitgedaag het tot 'n opdrag om te sien wie se god eg was, het die mense van Israel kom kyk. Toe die profete van Baäl nie hulle god kon laat reageer nie, het God sy krag gewys. Elia het oortuig gebly van God se mag, en God het Homself deur 'n groot wonder geopenbaar.

Deur hierdie wonder, het al die mense in Israel herken en onthou wie hul God is. Hulle het onthou dat hulle sy volk was en hulle het Hom aanbid. Die mense het ongeërg geraak en toegelaat dat die vals gode van die mense rondom hulle hul geloof beïnvloed. Hulle het weggedraai van God af, en dit het 'n wonder geverg om hulle aandag te kry.

Al werk God vandag nog deur wonders, moet ons nie afhanklik wees van die wonderbaarlike om te bewys dat ons God bestaan en dat Hy vir ons sorg nie. Ons het reeds sy wonders in die verlede gesien, in die skepping, in ons eie lewens. Ons kan nie toelaat dat 'n onverskillige gesindheid ons verhouding met God binnedring nie. Wanneer ons die wêreld toelaat om ons geloof te beïnvloed, kan ons maklik van sy heiligheid, mag en soewereiniteit vergeet.

Elke gebed wat God verhoor is wonderbaarlik, want dit is niks minder as 'n wonderwerk dat die God van die heelal neerbuig om in ons behoeftes, hoe groot ons dit ookal mag beskou, te voorsien. Hy verrig steeds elke dag wonders vir ons. Mag ons in Hom glo, hetsy ons sy wonderbaarlike werk in groot wyses of in alledaagse getrouheid ervaar.

## GEBED

Vader God, U is die God wat die heelal tot stand gebring het. Here, vergewe my wanneer ek U klein maak in my lewe, wanneer ek U in 'n boksie sit, of wanneer ek poog om u weë en u gedagtes te voorspel. Herinner my, Here, dat die hemele van u mag en u handewerk getuig. Here, mag U altyd hoog verhewe wees in my lewe. In Jesus se naam, amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Johannes 1:16*
Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang.

*Efesiërs 3:20-21*
Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, 21 aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.

# VRYDAG

LEES:
*Johannes 1:16; Efesiërs 3:20–21*

SOAP:
*Johannes 1:16; Efesiërs 3:20*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

### SOAP

*Johannes 1:16; Efesiërs 3:20*

*Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang*

*Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink.*

### OORDENKING

God het ons deur Christus ongelooflike seëninge gegee. Ons het baie genadegawes ontvang uit die volheid van wie Christus is, die Seun van God. Nie net dit nie, die gawes wat Hy aan ons gee, is ver bo alles wat ons kan bid of dink. Hy gee ons nie net hierdie ongelooflike gawes nie, maar Hy verhoor ons gebede op maniere wat ver bo alles is wat ons kan begryp. God gee Homself mildelik aan ons. Hy het sy Seun, sy Gees, sy liefde en sy teenwoordigheid aan ons gegee.

Uit die oorvloedige gawes wat God ons gegee het, word ons geroep om ook ‘n ruimhartige hart te hê. Ons moet alles wat ons gegee is, met ander deel. As ons gee, as ons ‘n ruimhartige lewe lei, weerspieël ons lewens die ruimhartigheid van ons God. God word verheerlik as ons gee uit die oorvloed wat Hy ons gegee het. Dit beteken nie altyd geld, tyd of talente nie: ons kan deernis, genade, geduld, liefde en vreugde aan ander gee uit die oorvloei van wat ons deur Christus gegee is.

Opoffering van ons liefde, gebede, geld, tyd en talente toon hoe ons vertrou dat die Here in elke behoefte sal voorsien. As ons ons hulpbronne en seëninge vashou, beperk ons wat God vir ons sal doen. As ons ruimhartig is met dit wat in elk geval aan God behoort, laat ons ruimte vir Hom om ons te verras, om verder te gaan en meer te gee as wat ons kan bid of dink.

Is daar areas in jou lewe waar jy God se ruimhartigheid kan weerspieël? Sal jy vandag vir God vra om jou te help vertrou dat Hy alles wat jy weggee, sal aanvul?

### GEBED

Vader God, U is my ruimhartige Voorsiener. Here, vergewe my as ek dinge van U en van u mense weerhou. Here, vergewe my as ek toelaat dat twyfel en vrees my verhinder om U alles te gee, om op te offer en te deel. Dankie, Here, dat U steeds voortgaan om oor en oor in my lewe in te stort, ondanks my mislukkings en my vrees. Dankie dat U alles mildelik, onbaatsugtig en onvoorwaardelik aan my gegee het. In Jesus se naam, amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Waarom sou God sommige van ons gebede met ‘n “Nee” verhoor? Wat moet ons reaksie wees wanneer God “Nee” sê?

2. Wat het jy geleer uit Hanna se verhaal in 1 Samuel 1:1–20? Hoe het Hanna se gebed ‘n rol gespeel in God se reaksie?

3. Wat moet ons doen terwyl ons op die Here wag om ons gebede te verhoor?

4. Wat kan ons oor gebed leer uit Elia se verhaal in 1 Konings 18? Watter deel het jou die meeste opgeval? Waarom?

5. Hoe bemoedig Efesiërs 3:20 jou in jou gebedslewe? Hoe of wanneer het jy God dit sien doen?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 5

*Skep vir my 'n rein hart,*
*o God, vernuwe my gees*
*en maak my standvastig.*

**PSALM 51:12**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir sendelinge te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Maak hierdie week jou hart oop teenoor God in jou gebedstyd. Fokus op lofprysing, om dinge na God toe te bring en op belydenis. Dank Hom vir wat Hy in jou lewe doen, bely die sondes waarmee jy worstel en vra vir hulp in die areas van jou lewe waar jy leiding, krag of wysheid benodig.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Psalm 5*

Vir die koorleier: met fluitspel. ’n Psalm van Dawid.

2 Luister tog na my woorde, Here, hoor hoe ek sug. 3 Gee tog aandag aan my
hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek. 4 U luister na my stem in
die môre, Here, in die môre terwyl ek voor U verskyn en op U wag. 5 U is nie ’n
God wat onreg verdra nie, die kwaad het by U geen plek nie. 6 Hooghartiges durf
nie voor U kom nie. U haat almal wat onreg doen, 7 U roei alle leuenaars uit. Die
Here verafsku moordenaars en bedrieërs.

8 Maar ek, ek mag deur u groot liefde in u huis ingaan en in u heilige tempel buig
met die eerbied wat aan U verskuldig is. 9 Omdat ek vyande het, Here, leer my
tog wat reg is en help my om u wil te doen. 10 Niks wat hulle sê, is waar nie; al
waaraan hulle dink, is my ondergang; hulle vlei my, maar hulle wil my in die graf
laat beland. 11 Laat hulle daarvoor boet, o God, laat hulle deur hulle eie planne
tot niet gaan. Dryf hulle weg oor hulle baie sondes, want hulle is opstandig teen
U. 12 Maar laat almal wat by U skuil, bly wees, laat hulle altyd jubel. U beskerm
dié wat u Naam liefhet, en hulle juig oor U. 13 U laat dit goed gaan met die
regverdige, Here, u goedheid beskerm hom soos ’n skild.

## *Spreuke 8:17*

Ek het dié lief wat my liefhet; dié wat my soek, vind my.

# MAANDAG

LEES:
*Psalm 5; Spreuke 8:17*

SOAP:
*Psalm 5:4*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

### SOAP

*Psalm 5:4*

*U luister na my stem in die môre, Here, in die môre terwyl ek voor U verskyn en op U wag.*

### OORDENKING

In hierdie innige Psalm het Dawid ‘n gebed tot die Here gebid. Hy het God gesmeek om sy klagte aan te hoor en aan hom aandag te gee. Hy het in die oggend nadat hy wakker geword het dadelik sy saak voor die Here bepleit en God gevra om hom te hoor. Toe het David verwagtingsvol op ‘n antwoord gewag.

Hierdie psalm gee ons ‘n patroon en gids vir gebed. David het dadelik gebid nadat hy wakker geword het. Soos God ons elke dag wakker maak, kan ons Hom ons dank, ons toewyding en ons liefde betoon. Ons het ook die voorreg om elke dag ons saak voor die Here te lê. Hy gee om vir ons en sal ons bewaar en lei tydens ons dag. Ons kan Hom aanbid deur ons besorgdheid en kommer voor Hom neer te lê, sowel as ons dankbaarheid en ons lof.

Net soos Dawid, het Jesus ook so geleef. In die Evangelies sien ons baie keer dat Jesus vroeg in die oggend opstaan om tyd saam met God deur te bring. Hy het na sy Vader gegaan voordat enigiets anders die kans gehad het om Hom af te lei. Ons kan ook vroeg in die oggend na God gaan, tot Hom bid en sy leiding soek.

Wanneer ons desperaat is dat die Here in ons lewens moet ingryp, kry ons tyd om te bid en Hom te soek. Maar as ons ons in die daaglikse lewenspatroon bevind, is dit nie altyd ons eerste instink nie. Mag ‘n patroon van onmiddellike gebed en lof iets wees wat ons lewens kenmerk, ongeag ons omstandighede.

Sal jy die Here vra om jou te help om ‘n patroon van aanbidding en gebed in die vroeë oggendure te vestig?

### GEBED

Vader God, ek dank U dat u genade elke oggend nuut is. Here, bewaar en lei my dag. Hou my gefokus om my lig te laat skyn op almal wat U liefde moet ken en ervaar. Ek bid vir ‘n uitstorting van u vrede en liefde in my lewe en die lewens van die mense om my elke dag. In Jesus se naam, amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Psalm 63*

’n Psalm van Dawid, na aanleiding van sy verblyf in die Judawoestyn.

2 Ek soek U, o God, my God, ek dors na U; ek smag na U soos in ’n dor en droë
land, ’n land sonder water. 3 Ek wil by U in die heiligdom wees om daar u mag
en grootheid te ondervind. 4 U troue liefde is meer werd as die lewe; daarom sal
ek U prys. 5 Ek sal U my lewe lank loof, my hande ophef om u Naam te prys. 6
Soos elke keer wanneer ek u goeie gawes geniet, sal ek U altyd roem met jubelende
mond. 7 As ek aan U dink op my bed, oor U peins in die nag, dan weet ek: 8 U
is vir my ’n hulp, en dan juig ek oor die beskerming onder u vleuels. 9 Ek bly
altyd naby U, u hand ondersteun my. 10 Maar hierdie mense wat my ondergang
soek, mag hulle wegsink in die dieptes van die aarde! 11 Mag hulle aan die swaard
oorgegee word en aas vir die jakkalse word!

12 Laat die koning hom in God verbly, laat elkeen wat hom op God verlaat, Hom
prys. Die mond van die vals mens word toegestop.

# DINSDAG

LEES:
*Psalm 63*

SOAP:
*Psalm 63:6-7*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

## SOAP

*Psalm 63:6-7*

*Soos elke keer wanneer ek u goeie gawes geniet, sal ek U altyd roem met jubelende mond. As ek aan U dink op my bed, oor U peins in die nag*

## OORDENKING

Koning Dawid het Psalm 63 neergeskryf toe hy in die woestyn van Juda was. Dawid het groot fisiese behoefte gehad omdat hy deur ‘n dorre wildernis moes loop, sonder ‘n waterbron. Maar Dawid se begeerte was nie na kos of water nie. Sy begeerte was eerder na die Here.

Dawid het God se goedheid sowel as die rykdom van ‘n koninkryk beleef. Dawid het geweet dat God se teenwoordigheid beter was as die voedsel wat die lekkerste was, want God alleen is wat bevrediging bring. Terwyl hy in die woestyn rondgedwaal het, was God David se voorsiening vir al sy behoeftes. Hy het hom tot God gewend vir hulp, met die vertroue dat God hom te alle tye sal help.

Deur tyd te spandeer om God se goedheid aan hom te onthou, het David vrede beleef te midde van ‘n moeilike omstandigheid. Dawid skuil in die woestyn van sy vyande, hy is gejag deur diegene wat sy lewe wou beëindig. Maar tog spandeer David tyd om te besin oor wat God vir hom gedoen het, en hy spandeer tyd en moeite om God te prys. Selfs in sy donkerste uur was Dawid volkome tevrede in God.

Of ons nou ons dae bestee aan vlug vir ‘n vyand, by ‘n werk te werk, vir kinders te sorg of op skool te studeer, ons is slegs in God ten volle bevredig. Mag ons vandag ‘n keuse maak om Hom te loof en ons tevredenheid alleenlik in Hom te vind, ongeag ons omstandighede.

## GEBED

Vader God, ek dank U dat U my laste deur die dag gedra het. Ek dank U dat U my gehelp het om u liefde en u lig te weerspieël aan almal wat ek teëkom. Ek dank U vir die uitdagings en beproewinge wat ek deur die loop van die dag ondervind, omdat dit my help om U te soek en van U afhanklik te wees. Beskerm my en my geliefdes terwyl ons slaap. In Jesus se naam, amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

*Psalm 100*
'n Dankpsalm.

Juig tot eer van die Here, almal op aarde!

2 Dien die Here met blydskap! Kom voor Hom met gejubel! 3 Erken dat die Here
God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde. 4 Gaan
sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofgesange, dank Hom, prys sy
Naam, 5 want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur
van geslag tot geslag.

# WOENSDAG

LEES:
*Psalm 100*

SOAP:
*Psalm 100:4–5*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

## SOAP

*Psalm 100:4–5*

*Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam, want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag.*

## OORDENKING

Terwyl ons ons toewy aan 'n gebedslewe, moet ons ons ook toewy tot 'n lewe van lofprysing. Gebed is nie net om ons versoeke voor God te bring nie, maar om sy heiligheid en lofwaardige karakter te erken. 'n Volledige gebed bevat toegewyde lof aan God.

Psalm 100 is 'n toegewyde lofpsalm. Die psalm is spesifiek geskryf om God met vreugde te dank en Hom met blydskap te prys. Hierdie psalm is 'n gebed van lofprysing tot God, wat Hom die aanbidding bied wat Hy verdien. God was goed vir ons, ongeag wat die wêreld of ons omstandighede vir ons sê, en ons kan Hom altyd met lof nader.

Selfs as die lewensomstandighede moeilik of oorweldigend is, moet ons ons God loof. Sy karakter verander nie met ons omstandighede nie. As ons Hom loof, verkondig ons sy heiligheid, goedheid, liefde, krag, majesteit, getrouheid en sorg vir ons lewens. As ons lewens van lofprysing leef, sien ons nie net alles in die lig van God se plan en doel met ons lewens nie, maar verkondig ons die goedheid van God aan die mense om ons, ongeag die omstandighede.

God hoor al ons gebede. As ons tyd neem om op te hou vra en Hom eerder prys vir wie Hy is, neem ons ons gedagtes en harte af van ons eie behoeftes, en fokus ons op Hom. Hy is die bron van vreugde, goedheid, liefde en blydskap wat ons soek. Hy alleen kan ons tevrede stel, en 'n lewe toegewy tot lofprysing help ons om sy liefde en trou aan ons te onthou.

Watter transformasie sal in jou lewe plaasvind as jy daarop fokus om God daagliks te loof?

## GEBED

Vader God, ek dank U vir u vreugde. Dankie dat U my daaraan herinner het dat u barmhartigheid en waarheid oorvloedig en maklik beskikbaar is in my lewe. Dankie dat U my gewys het dat U genoeg is. Here, wys my hoe om te wandel in die kennis van u liefde. Dankie vir U geduldige en tere liefde en sorg. In Jesus se naam, amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Psalm 18*

Vir die koorleier. ‘n Lied van Dawid, die dienaar van die Here. Hy het dié woorde tot die Here gerig op die dag
toe die Here hom gered het uit die mag van al sy vyande en uit die mag van Saul.

2 Hy het gesê: Ek het U baie lief, Here, my Sterkte. 3 Die Here is my rots, my skuilplek en my redder, my
God, my rots, by wie ek skuil, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting. 4 Onder bespotting roep ek na
die Here, dan word ek van my vyande verlos. 5 Bande van die dood het my omsluit, strome van onheil het my
verskrik. 6 Bande van die doderyk het my vasgetrek, strikke van die dood het my bedreig. 7 In my nood roep
ek na die Here, ja, ek roep om hulp na my God. In sy paleis hoor Hy my geroep. Ek roep na Hom om hulp, en
Hy luister na my.

8 Die aarde het geskud en gebewe, die fondamente van die berge het getril en geskud, want Hy was vertoorn.
9 Rook het uit sy neus getrek, vuur uit sy mond het alles verteer, gloeiende kole uit sy binneste. 10 Hy het die
hemel afgebuig en afgekom, onder sy voete was duisternis. 11 Hy het op ’n gerub geklim en gevlieg; op die
vleuels van die wind het Hy nadergesweef. 12 Hy het Hom in donkerte gehul, donker waters en wolkemassas
was sy bedekking. 13 Uit die gloed voor Hom het wolke getrek, hael en weerligstrale. 14 Die Here het dit uit
die hemel laat dreun, die Allerhoogste het sy stem laat hoor in hael en weerligstrale. 15 Hy het sy pyle afgeskiet
en die vyand uitmekaar gejaag, hulle met ’n menigte weerligstrale op loop gejaag. 16 Die seebodem het sigbaar
geword, die fondamente van die aarde is blootgelê deurdat U, Here, op hulle gebulder het met die orkaan van
u toorn. 17 Van bo af het Hy sy hand uitgestrek en my gegryp, my uit geweldige waters uitgelig. 18 Hy het
my gered van my vyand wat sterk was, van my haters toe hulle vir my te magtig was. 19 Die dag toe hulle my
aangeval het, was my ondergang naby, maar die Here het my daarvan bewaar. 20 Hy het my in vryheid laat
uitgaan, my gered omdat Hy my liefhet. 21 Die Here het aan my reg laat geskied. Hy het my onskuld aanvaar,
22 want ek het die wil van die Here gehoorsaam en my nie teenoor my God skuldig gemaak nie; 23 ek het my
deur al sy bepalings laat lei en nie van sy voorskrifte afgewyk nie. 24 Ek was opreg voor Hom, ek was op my
hoede teen enige ongeregtigheid. 25 Die Here het aan my reg laat geskied, want ek was onskuldig in sy oë.

26 U betoon U getrou teenoor die getroue, opreg teenoor die opregte, 27 rein teenoor die reine, maar U
verwerp die huigelaar. 28 U red die verdrukte volk, U verneder die trotses. 29 U, Here, laat my lamp helder
skyn; my God gee lig as dit donker is om my.

30 Met u hulp loop ek ’n oormag storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie. 31 Wat
God doen, is volmaak; wat die Here sê, is suiwer. Elkeen wat by Hom skuiling soek, beskerm Hy. 32 Waarlik,
wie anders as die Here is God? Ja, wie anders as ons God is ’n rots? 33 God omgord my met krag; Hy maak my
pad voorspoedig. 34 Hy maak my voete soos dié van ’n ribbok; op hoë plekke laat Hy my stewig staan. 35 Hy
leer my hande om oorlog te maak, my arms om selfs die stramste boog te span. 36 Die redding wat U gebring
het, was vir my ’n beskerming, u regterhand het my ondersteun, deur u hulp het ek sterk geword. 37 U het my
ruim vastrapplek gegee, my enkels het nie geswik nie. 38 Ek het my vyande agtervolg en ingehaal, ek het nie
omgedraai voordat hulle uitgewis was nie. 39 Ja, ek het hulle verpletter, sodat hulle nie weer kon opstaan nie.
Hulle het voor my voete gesneuwel. 40 U het my met krag omgord vir die stryd, U het my teëstanders voor my
laat swig. 41 U het my vyande voor my laat vlug en ek kon my haters uitwis. 42 Hulle roep om hulp en daar
is niemand wat help nie; hulle roep selfs na die Here, maar Hy antwoord hulle nie. 43 Ek maak hulle fyn soos
stof in die wind, ek laat hulle wegspat soos modder in die strate, ja, ek vermorsel hulle. 44 U het my gered van
opstandige mense, my as hoof van vreemde nasies aangestel. ’n Volk wat ek nie geken het nie, is my onderdane.
45 Wie ook al van my verneem, gehoorsaam my. Vreemde volke kruip voor my. 46 Hulle skrik en kom bewend
uit hulle forte uit. 47 Die Here leef! Ek loof Hom wat my rots is. Ek prys my God wat my gered het. 48 Dit
is God wat my die oorwinning gee, wat volke aan my onderwerp. 49 Hy red my van my vyande. Ja, U stel my
buite bereik van my teëstanders, U bevry my van geweldenaars. 50 Daarvoor sal ek U loof voor die nasies,
Here, tot eer van u Naam ’n lofpsalm sing! 51 Dit is Hy wat aan sy koning groot oorwinnings gee en trou aan
sy gesalfde betoon, aan Dawid en sy nageslag vir altyd!

# DONDERDAG

LEES:
*Psalm 18*

SOAP:
*Psalm 18:7*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

### SOAP

*Psalm 18:7*

*In my nood roep ek na die Here, ja, ek roep om hulp na my God. In sy paleis hoor Hy my geroep. Ek roep na Hom om hulp, en Hy luister na my.*

### OORDENKING

Koning Dawid het baie van die Psalms geskryf wat ons vandag in ons Bybels vind. Dawid was eerlik met die Here in sy gebede en het dikwels sy hart vir God uitgestort, tot Hom uitgeroep en om verlossing gevra. Dawid was ook ook ruimhartig met lof. Hy het nooit 'n versoek aan God gerig sonder om Hom ook te loof nie.

In Psalm 18 vind ons die woorde van Dawid nadat hy van sy vyande verlos is, insluitende koning Saul. Dawid het vir baie jare van Saul af weggevlug en vir sy lewe geveg. Dawid se woorde in Psalm 18 beskryf in pragtige poësie die manier waarop God Dawid gered en sy vyande oorwin het.

Dawid het besef dat dit nodig is om sy versoeke voor die Here, die enigste Een wat kon help, neer te lê. Hy het sy hart uitgestort te midde van sy nood. Dawid het nooit sy ware gevoelens weggesteek of probeer om homself reg te ruk voordat hy na God toe gaan nie. Hy was eerlik met God en het tot Hom geroep om hulp wanneer hy dit nodig gehad het. Dawid het keer op keer die krag van die Here gesoek omdat hy sonder twyfel geweet het dat hy geen sukses sou hê sonder God nie.

Dawid skryf in hierdie Psalm oor die manier waarop God op sy gebed gereageer het. God het Dawid se gebed verhoor en hy het in krag en mag gereageer. God het nie gehuiwer om Dawid uit sy nood te red of sy vyande te vernietig nie. God het Dawid te hulp gekom presies op die tyd en hoe hy dit nodig gehad het.

As ons in nood verkeer, het ons een plek om na te draai: God. Hy sal ons nooit in ons nood laat nie. Ons smekings bereik Hom en Hy hoor. Hy reageer op ons met sy krag en mag en sorg vir ons op manire wat ons nooit verwag het nie. Wanneer ons ons harte vir Hom uitstort en sy krag soek, kan ons seker wees dat Hy sal antwoord. Hy vernietig miskien nie ons vyande letterlik soos Dawid s'n nie, maar Hy hoor en gee beslis om. Ons kan Hom vertrou.

### GEBED

Here God. U hoor my gebed. Ek roep tot U in my nood. Antwoord my want ek het U nodig. Red my en help my. Here, ek glo U hoor my gebede en U gee om vir my. Ek wag met groot verwagting op u verlossing. In Jesus se naam, amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Psalm 51*

Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid, na aanleiding daarvan 2 dat die profeet
Natan na hom toe gekom het oor sy owerspel met Batseba.

3 Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot
barmhartigheid! 4 Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! 5 Ja,
my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. 6 Teen U alleen het
ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u
oordeel regverdig. 7 Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my
moeder swanger geword het. 8 Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart:
laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe. 9 Neem tog my
sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. 10 Laat
my weer blydskap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel. 11
Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit! 12 Skep vir my 'n
rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. 13 Moet my tog nie
van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie! 14 Laat my weer die
blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding
dien. 15 Dan sal ek oortreders leer wat U van 'n mens verwag; dat die sondaars
hulle tot U sal bekeer. 16 Red my van ondergang, o God, my Redder, dat ek kan
jubel oor u verlossingsdaad. 17 Here, gee my die woorde om u lof te verkondig. 18
'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; 'n brandoffer wil U nie hê nie. 19 Die
offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou
nie gering ag nie, o God.

20 Laat Sion u liefde en u goedheid ondervind: herbou tog die mure van
Jerusalem. 21 Dan sal die offers wat voorgeskryf is, weer vir U aanneemlik wees:
offerdiere wat heeltemal verbrand word. Dan sal hulle weer bulle op u altare offer.

# VRYDAG

LEES:
*Psalm 51*

SOAP:
*Psalm 51:12*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

## SOAP

*Psalm 51:12*

*Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. .*

## OORDENKING

Psalm 51 was geskryf nadat Dawid egbreuk en moord gepleeg het. Dit is 'n gebed van bekering tot die Here. Daarin erken Dawid God se barmhartigheid, sy eie sonde en die vermoë van God om te herstel. Dawid betreur sy sonde nadat hy die ware verdorwenheid van sy hart erken het. Hy het besef dat sy groot oortreding teen God was en dat God alleen vergifnis en herstel kon bied.

Dawid het 'n skoon hart begeer. Hy het God gevra om sy gees te vernuwe en sy hart weereens op God te rig. Sy begeerte om tot God herstel te word na sy sonde, toon sy ware begrip van die gewig van sonde en die heiligheid van God, sowel as om te weet dat God se barmhartigheid die enigste ding is wat hom kon red.

Terwyl Dawid die opofferingsproses moes ondergaan om homself van sonde te reinig, het sy offers nie vergifnis gebring nie. Vergifnis kom van God alleen. As ons vandag sondig, wend ons ons nie tot godsdienstige rituele nie, maar na Jesus Christus. Hy is ons plaasvervanger wat Homself offer sodat ons nie meer die boete vir ons sonde hoef te betaal nie. Hy het die toorn van God op Hom geneem, sodat ons as regverdig beskou kan word as ons ons geloof in Hom plaas.

Ons word gered deur God se genade alleen, deur geloof alleen en in Jesus Christus alleen. Deur God se genade het Hy Jesus gestuur om die offer en die betaling vir ons sondes te wees. Deur niks anders as geloof in Hom, geen dade, gebede of offerandes van ons eie nie, word on gered. Jesus Christus is die enigste weg van redding en Hy bied vergifnis aan ons as ons ons lewens in sy hande plaas. Ons was eens vyande van God, maar deur sy genade word ons skoongewas van sonde. Ons kan die gebed van Dawid as voorbeeld bid wanneer ons ons sonde bely, wetende dat ons ten volle vergewe is en ten volle nuut gemaak is in Christus.

Het jy jou lewe aan die Here oorgegee? Wie ken jy wat die Goeie Nuus van Jesus Christus moet hoor? Sal jy vandag daardie Goeie Nuus deel?

## GEBED

Vader God, ek dank U Here, dat U my lief het, selfs toe ek U vyand was. Ek dank U dat U u Seun vir my opgeoffer het. Here, help my om ten volle op U te steun, volkome op U te vertrou en al my probleme en my pyn aan U oor te gee. Skep vir my 'n rein hart en maak my standvastig. In Jesus se naam, amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Wat moet ons doen nadat ons ons versoeke aan God voorgelê het?

2. Wie moet ons siele bevredig?

3. Wat moet ons, behalwe om ons versoeke aan God voor te lê, nog meer doen wanneer ons bid?

4. Wat moet ons doen wanneer die lewe stresvol raak? Hoe vertroos Psalm 18:7 jou?

5. ‘n Deel van ons gebed tot God is ook berou oor ons sondes en pleit om vergifnis. Waarom dink jy is dit belangrik om berou te hê oor die sonde?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 6

*Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.*

**FILIPPENSE 1:9–11**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jouself te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Hierdie week gaan ons ons gebede doelgerig oorsit in aksie! Kies elke dag iemand om voor te bid en laat hulle weet deur vir hulle 'n boodskap te stuur, hulle te skakel of vir hulle 'n kaartjie te stuur.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Kolossense 3:12-17*

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle
meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13 Wees
geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos
die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. 14 Bo dit alles moet
julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. 15
En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle
immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd
dankbaar. 16 Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer
en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle
psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.

17 En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here
Jesus en dank God die Vader deur Hom.

# MAANDAG

LEES:
*Kolossense 3:12–17*

SOAP:
*Kolossense 3:12–13*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

### SOAP

*Kolossense 3:12–13*

*Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.*

### OORDENKING

Ons doel hierdie week is om dít wat ons oor gebed geleer het, in werking te stel. Ons verstaan die belangrikheid van gebed en waarom dit ‘n noodsaaklikheid in ons lewens is. Ons het geleer hoe en waarom gebed ‘n prioriteit moet word en hoe om met vrymoedigheid te bid. Ons het gesien hoe God ons gebede genadiglik verhoor as ons na Hom toe kom en ons het geleer hoe en hoekom ons ons moet toewy aan daaglikse gebed.

Vandag begin ons om te bid vir ons naaste verhoudings: verhoudings met ons eggenote, vriende, ouers of broers en susters. Al ons verhoudings het werk nodig en al ons verhoudings het gebed nodig. Sonder ‘n nederige houding in hierdie verhoudings, is ons geneig tot selfsug en onenigheid. Paulus se brief aan die kerk in Kolosse bevat ‘n vermaning aan die kerk oor hoe om in eenheid en liefde op te tree.

As volgelinge van Christus moet ons eers ‘n hart van meelewendheid, goedgesindheid, nederigheid, sagmoedigheid en verdraagsaamheid beklee in ons verhouding met mekaar. Ons moet vining vergewe en vinnig om vergifnis vra. Ons moet ons eie behoeftes aan vergifnis herken en hoe God ons elkeen genadiglik vergewe het. Paulus herinner die kerk in Kolosse dat vrede die sentrale krag in hul verhoudings moet wees en om daarna te streef om altyd in eenheid met mekaar te leef.

Spandeer vandag tyd om te bid vir jou naaste verhoudings. Vra God om jou te help om vining te vergewe en vining om vergifnis te vra in jou huwelik. Bid vir nederigheid in jou vriendskappe en om jou te bewaar teen ‘n hart wat wil vergelyk. Bid vir eenheid in jou gesin en vir die bereidwilligheid om konflikte vining op te los. Soek die Here vir die beste manier om eenheid en kameraadskap in jou werkplek en jou omgewing te bevorder, terwyl jy die unieke waarde erken wat eke lid van jou werkplek en gemeenskap inhou. Gebruik Paulus se vermaning as ‘n model om hierdie week vir hierdie verhoudings te bid.

### GEBED

Here God, dankie vir hierdie verhoudings in my lewe. Beklee my met ‘n hart van meelewendheid, goedgesindheid, nederigheid, sagmoedigheid en verdraagsaamheid. Help my om in liefde met my (eggenoot, vriend, ouers, suster, broer) om te gaan en help ons albei om vining te vergewe. Gee ons vrede in ons verhouding en help ons om konflik vining op te los. Weerhou ons van ‘n hart van vergelyking en mededinging. Laat u vrede oor ons harte en ons verhouding heers. In Jesus se naam, amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Matteus 22:37*

Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.'

*2 Petrus 3:18*

Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Aan Hom behoort die heerlikheid, nou en tot in ewigheid!

# DINSDAG

LEES:
*Matteus 22:37; 2 Petrus 3:18*

SOAP:
*Matteus 22:37*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

## SOAP

*Matteus 22:37*

*Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand.*

## OORDENKING

Toe die Israeliete die eerste keer die Beloofde Land betree het, was hulle daartoe verbind om die Here te volg. Die eerste generasie wat ingekom het, het God se wonderwerke gesien en hulle het sy weë gevolg. Maar slegs 'n paar geslagte later was die volk heeltemal van die Here afvallig en het hulle valse gode aanbid. Omdat hulle nie hul kinders, die volgende geslag, van die Here geleer het nie, het die mense afvallig geraak.

Dit is uiters belangrik dat ons dit 'n prioriteit maak om te bid vir die volgende generasie. Ongeag of ons bid vir ons eie kinders, ons broers- en susterskinders, ons vriende se kinders of die kleingroepie wat ons lei. Ons maak 'n impak op die volgende generasie. Dit is 'n groot voorreg om hulle aan te kan moedig om saam met God te wandel.

As ons vir ons kinders bid, is die belangrikste ding dat ons sal vra dat hulle God met hulle hele hart, siel en verstand sal liefhê. As ons saam met God wandel, stel ons 'n voorbeeld vir ons kinders, maar hulle moet ook hul eie persoonlike geloof in Christus omhels. Ons kan bid vir hulle groei en begrip van die Evangelie en dat God hul harte reeds op 'n jong ouderdom sal aanraak.

Selfs as ons kinders of diegene wat ons lei nie saam met God wandel nie, kan ons steeds vir hulle bid. Gebed is 'n kragtige voorreg. Ons kan met enige versoek voor die genadetroon kom, ongeag hoeveel keer ons dit al voorheen gevra het. God word nooit moeg vir ons gebede nie. Dit maak nie saak vir wie God op jou hart gelê het om voor te bid nie, weet dat Hy vir hulle meer omgee as wat jy ooit kan dink. Hy verlang daarna om 'n verhouding met hulle te hê, en Hy sal hulle harte altyd najaag, selfs as ons vergeet om hulle in gebed op te dra.

## GEBED

Here God, U is die volmaakte Vader. Help my om U te vertrou met my kinders en diegene wat ek lei. Ek glo U gee meer om vir hulle as wat ek ooit sal kan verstaan. Beskerm hulle en vang hul harte vas. Ek bid dat hulle U al die dae van hul lewe sal volg en U sal liefhê met hulle hele hart, siel en verstand. In Jesus se naam, amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

### *Johannes 15:12-13*

Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. 13 Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.

### *1 Petrus 4:8-10*

Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes. 9 Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla. 10 As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.

# WOENSDAG

LEES:
*Johannes 15:12–13; 1 Petrus 4:8–10*

SOAP:
*Johannes 15:13*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

## SOAP

*Johannes 15:13*

*Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.*

## OORDENKING

In sy laaste ure voor sy inhegtenisname, verhoor en kruisiging, het Jesus tyd saam met sy naaste vriende deurgebring. Hy het doelbewus gekies om hierdie tyd saam met sy twaalf dissipels deur te bring, om 'n intieme maaltyd met hulle te deel. Jesus het vir die laaste keer sy dissipels geleer en met hulle gedeel oor die Heilige Gees wat sou kom, hoe om in Hom te bly en wat om te verwag as sy volgelinge.

Jesus het sy dissipels beveel om in Hom te bly. Om in Jesus te bly beteken om Hom te volg en na aan sy hart te bly. Dit betekn ook om in gehoorsaamheid en geloof te lewe. Jesus het sy lewe vir ons afgelê en een van die maniere waarop ons in Hom bly, is deur mekaar lief te hê op dieselfde manier as wat Hy ons liefgehad het.

Ons hoef miskien nie ons lewens fisies vir ons vriende af te lê nie, maar ons kan ons lewens in gebed vir hulle aflê. Elke keer as ons die gejaag van ons daaglikse lewe stop, elke keer as ons stilstaan om hul laste met die Here te deel, gee ons ons lewe. Ook so, elke keer as ons voor die genadetroon gaan met 'n versoek. Om ons lewens vir ons vriende af te lê, beteken om hulle eerste te stel, hul laste te deel en vir hulle om te gee as hulle dit nodig het. Dit beteken om saam met hulle deur beproewings te gaan en hulle in moeilike omstandighede te ondersteun. Dit beteken dat ons hulle na God moet terugroep wanneer hulle struikel en hulle aanmoedig om aan te hou om Jesus te volg.

Dra vandag 'n paar van jou naaste vriende op in gebed en laat hulle weet wat jy bid. Bel hulle en bid vir hulle telefonies of ontmoet hulle persoonlik en bid hardop vir hulle. As ons ons lewens vir ons vriende aflê, stel ons die liefde van Christus vir hulle op 'n tasbare manier voor.

## GEBED

Here Jesus, U lewe dien as die perfekte voorbeeld om vir my te wys hoe om my vriende lief te hê. Gee my die wysheid en vrymoedigheid om my vriende lief te hê soos U my liefhet. Ek dra hulle vandag op aan U. Werk in hul lewens en moedig hulle aan. Hou hulle naby U en vervul hul behoeftes. Gee hulle vandag hoop, vreugde en vrede in hul aardse stryd. In u naam, amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Matteus 16:18*
En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

*Filippense 1:9-11*
Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, 10 sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, 11 en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.

*Openbaring 2:4*
Maar Ek het dít teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie.

# DONDERDAG

LEES:
*Matteus 16:18; Filippense 1:9–11; Die Openbaring 2:4*

SOAP:
*Filippense 1:9–11*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

## SOAP

*Filippense 1:9–11*

*Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.*

## OORDENKING

Alhoewel dit belangrik is om vurig te bid vir ons verhoudings, ons gesinne, ons kinders en ons vriende, is dit uiters belangrik dat ons daagliks vir ons plaaslike gemeente en die Kerk bid. Die Kerk is die verteenwoordiger van God in die wêreld. Die Heilige Gees werk in en deur die Kerk om mense met die Evangelie te bereik. Die Kerk is nie individue nie, maar een liggaam wat saamwerk om Christus bekend te maak.

In Openbaring 2: 4 vind ons Johannes se brief aan die gemeente in Efese. Die gemeente in Efese het van hulle eerste liefde afgewyk: Jesus Christus. In ons gebede vir die Kerk kan ons bid vir volgehoue liefde en ‘n diep verhouding met Jesus. As sy Kerk, moet ons in Hom bly, ongeag wat dit van ons kos.

In Paulus se brief aan die Filippense vind ons ‘n voorbeeld van wat ons vir ons plaaslike gemeentes kan bid. Paulus het gebid dat die gemeente in Filippi sou toeneem in hul kennis en onderskeidingsvermoë sodat hulle Christus kon volg. Hy het gebid dat hulle geregtigheid in oorvloed sou wees sodat hulle Jesus Christus met die wêreld kon deel totdat Hy terugkeer.

Christus is die hoof van die Kerk en daarom loop die Kerk nie die gevaar om deur die vyand verslaan te word nie. Tog moet ons steeds vurig bly in gebed. Die oorlog is reeds gewen deur Christus se oorwinning, maar ons bly deurentyd vir die Kerk bid. Terwyl ons onsself voorberei op sy wederkoms, mag ons as die Kerk opreg en onberispelik bly totdat Hy kom.

## GEBED

Jesus, ek dra vandag u Kerk op. Laat u bruid voortdurend ‘n getuie wees aan die wêreld van u liefde en krag. Ek bid vir my plaaslike gemeente dat ons ‘n lig in ons gemeenskap sal wees. Maak ons meer soos U en voorkom dat ons van U afvallig raak. Beskerm ons harte en gedagtes terwyl ons probeer om heilig te word as ‘n liggaam en meer soos U gemaak te word. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Psalm 91:1-4*
Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, 2 hy sê vir die Here: "U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou." 3 Dit is Hy wat jou uit die voëlvanger se wip hou en jou bewaar van dodelike siekte. 4 Hy beskut jou onder sy vleuels en is vir jou 'n veilige skuilplek. Sy trou beskerm jou aan alle kante.

*Psalm 103:1-5*
Van Dawid.

Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof. 2 Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. 3 Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, 4 wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, 5 wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk.

# VRYDAG

LEES:
*Psalm 91:1–4; 103:1–5*

SOAP:
*Psalm 103:1–5*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

## SOAP

*Psalm 103:1–5*

*Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk.*

## OORDENKING

Somtyds is die moeilikste persoon vir wie jy kan bid, jouself. Ons ken ons behoeftes, maar dit kan moeilik wees om God te vertrou as sy antwoord anders is as waarvoor ons gehoop het. Alhoewel dit somtyds makliker kan wees om God se hand in die lewens van ons geliefdes te sien, sien ons dikwels nie sy goedheid in ons eie lewens raak nie.

In hierdie studie het ons baie geleer oor die belangrikheid van gebed. Ons het gesien hoe ons die genadetroon met groot vertroue en vrymoedigheid kan nader, omdat ons weet dat Jesus voor ons uitgaan en altyd vir ons instaan. Wanneer ons ons eie versoeke in gebed bring, kan ons seker wees dat Hy om ons onthalwe intree.

Wanneer ons vir onsself te bid, moet ons dit doen met ‘n hart wat onthou. In Psalm 103 het Dawid homself herinner aan God se goedheid. Wanneer ons ons versoeke na God bring, moet ons dit met ‘n hart van herinnering en lofprysing doen. Dawid het God se vergifnis, sy genesingskrag, sy redding, sy getroue liefde en die manier hoe Hy hom die goeie in oorvloed laat geniet het, onthou.

Wanneer jy vandag vir jouself bid, bid nie net vir die dinge wat jy nodig het nie, maar dat jou hart in God se teenwoordigheid verander sal word. Gebed is nie net die manier hoe ons ons versoeke na die Vader bring nie, maar ook oor hoe ons in ons verhouding met God groei. Nader vandag die genadetroon met vrymoedigheid en loof Hom vir wat Hy gedoen het!

## GEBED

Here God, U is my toevlug en my veilige vesting. Ek loof U met my hele siel. Ek sal nie u goeie dade vergeet nie. U is die Een wat al my sondes vergewe en wat my lewe kroon met u getroue liefde en barmhartigheid. Met alles wat in my is, loof ek u heilige naam.

# OORDENKINGSVRAE

1. Op watter maniere kan jy, volgens Kolossense 3:12–17, spesifiek bid vir jou naaste verhoudings (jou huweliksmaat, beste vriend, ouer)?

2. Op watter drie gebiede word ons geroep om ten volle toegewy te wees om God lief te hê? Raak stil en bid Matteus 22:37 oor jou kind, niggie, nefie, vriend of enige ander kind in jou lewe.

3. Op watter manier kan jy vandag spesifiek vir ‘n sekere vriend bid? Neem tyd uit jou besige skedule om hierdie vriend doelbewus op te lig.

4. Op grond van Filippense 1:9–11, hoe kan jy vandag vir jou kerk bid?

5. Hoe het God onlangs ‘n spesifieke gebed verhoor? Prys Hom vandag vir sy antwoord.

# NOTAS

# NOTAS

# KEN HIERDIE WAARHEDE

### *God het jou lief.*

Selfs wanneer jy onwaardig voel en voel of die wêreld teen jou is, God het jou lief - ja, vir jou - en Hy het jou vir ‘n groot doel geskape.

God se Woord sê, “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Johannes 3:16).

### *Ons sonde skei ons van God.*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is.

God se Woord sê, “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie” (Romeine 3:23).

### *Jesus het gesterf sodat jy die lewe kan hê.*

Die gevolg van sonde is die dood, maar jou verhaal hoef nie daar te eindig nie! God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar, want Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, “Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus” (Romeine 6:23); “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Romeine 5:8).

### *Jesus leef!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om ‘n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

God se Woord sê, “In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Johannes 14:2-3).

### *Ja, jy kan WEET dat jy vergewe is.*

*Aanvaar Jesus as die enigste weg na verlossing…*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy ‘n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Romeine 10:9-10).

### *Hoe lyk dit prakties?*

Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

> *God,*
> *Ek weet dat ek ‘n sondaar is.*
> *Ek wil nie nog ‘n dag leef sonder om die liefde en*
> *vergifnis wat U vir my het met ope arms aan te neem nie.*
> *Ek vra vir U vergifnis.*
> *Ek glo dat U vir my sondes gesterf*
> *het en uit die dood opgestaan het.*
> *Ek gee alles wat ek is oor, en vra*
> *U om die Here van my lewe te wees.*
> *Help my om weg te draai van my sonde en U te volg.*
> *Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel*
> *soos ek onder U genade leef, en help my om te groei in U weë,*
> *soos ek daarna streef om U beter te ken.*
> *Amen.*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal jy ons e-mail by info@lovegodgreatly.com?

Ons sal jou graag wil help om te begin met hierdie opwindende reis as ‘n kind van God!

# WELKOM VRIENDIN

*Love God Greatly* bestaan om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God se Woord ‘n prioriteit in hulle lewens te maak.

***INSPIRERING***
van vrouens om God se Woord ‘n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens deur ons Bybelstudie hulpbronne.

***AANMOEDIGING***
van vrouens in hulle daaglikse wandel met God deur ‘n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

***TOERUSTING***
van vrouens om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

*Love God Greatly* bestaan uit ‘n pragtige gemeenskap van vrouens wat ‘n verskeidenheid van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord.

Ons begin met ‘n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel…om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By *Love God Greatly* sal jy ware, lewensegte vrouens vind. Vrouens wat onvolmaak, maar tog vergewe is. Vrouens wat minder van hulleself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat verlang om God deur Sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

*Love God Greatly* is ‘n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir *Love God Greatly* kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. LGG is toegewyd om kwaliteit Bybelstudie materiaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van ‘n vrou om te kan deelneem in een van ons studies nie. Alle LGG joernale en vertaalde joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com vir diegene wat nie kan bekostig om dit te koop nie. Ons joernale en boeke is ook te koop op Amazon. Soek vir “Love God Greatly” sodat jy al ons Bybelstudie joernale en boeke kan sien. 100% van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van *Love God Greatly* en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

DANKIE dat jy ‘n deelgenoot met ons is!

**VIR JOU**

## *Wat ons bied*

Meer as 30 Vertalings
Bybel Leesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toep
Meer as 200 Lande Bedien

Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

## *Elke studie sluit in*

Drie Blogs per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse

Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Leesplan Tussen Studies

## *Ander Studies*

Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou,
Lewe Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs

Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd